KOM ONS GAAN KERK TOE



1775

Ds A J van Staden

RS. 95
85-1775
KITAL

KOM ONS GAAN
KERK TOE

KITAL

Kom ons gaan kerk toe

Ds AJ van Staden

Kital

© Kital
Posbus 460, Pretoria 0001
Eerste druk, eerste uitgawe 1985

ISBN 0 7986 1446 3

Geset, gedruk en gebind deur
NHW-Pers Pretoria-Wes

Voorwoord

Hierdie werk van ds Van Staden oor die Sondagviering en alles wat daarmee saamhang, bied 'n wye oorsig oor die agtergrond van die rusdag en die hoofmomente van die Sondagetiek.

Die gedeeltes oor die erediens en die erediensbywoning bring al die praktiese sake na vore wat van belang is vir die gelowiges van ons tyd.

Dit is geskrywe in 'n vloeiende en maklik leesbare styl. Sonder om teologies hoogdrawend te raak, word die Bybelse waarhede oor hierdie saak kundig raakgevat en tot spreke gebring in die werklikheid van ons moderne lewensituasie.

Die boek word met groot vrymoedigheid aanbeveel.

Dr ECB Kotzé

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1	Die rusdag in die Ou Testament	1
Hoofstuk 2	Die rusdag in die Nuwe Testament	6
Hoofstuk 3	Die apostels en die rusdag	13
Hoofstuk 4	Die rusdag is feesdag	19
Hoofstuk 5	Ons verpligting om die rusdag te hou	27
Hoofstuk 6	Wat kom soek ons in die erediens?	34
Hoofstuk 7	Die regte gesteldheid van die hart	43
Hoofstuk 8	Voorbereiding vir die erediens	55
Hoofstuk 9	Die week na Sondag	62
Hoofstuk 10	Die lidmaat se plig teenoor die wegblyer	70
Hoofstuk 11	Die gemeente se plig teenoor die wegblyer	75

HOOFSTUK 1

Die rusdag in die Ou Testament

Daar word vandag baie gepraat oor hoe ons as Christene die rusdag deurbring.. Rusdag- of Sondagontheiliging kom vandag op groot skaal voor. Baie Christene gebruik die rusdag as 'n kuierdag, 'n visvangdag, 'n dag om op hulle plotte of erwe te werk of om herstelwerk aan die motor te doen. Daar is selfs dié wat geen beswaar het teen georganiseerde sport op die rusdag nie. Hulle vind geen fout met swem-, tennis- of voetbalwedstryde op die rusdag nie.

As ons oor die regte rusdagviering wil praat, sal ons na die Ou Testament moet teruggaan. Die Hebreeuse woord "sjabbat" beteken rus. Die sabbatdag is dus die rusdag. Die woord sabbatontheiliging beteken dan om die sabbat of rusdag nie te eerbiedig nie, om dit verkeerd te gebruik, om die dag te gebruik vir doeleindes waarvoor dit nie gegee is nie. As ons wil weet waarvoor die rusdag gegee is, moet ons nie vir hierdie of daardie geleerde gaan vra nie, maar vir die Here, want die Here het die rusdag ingestel en die Here het dit baie duidelik in die Bybel gesê. Sabbat- of rusdagontheiliging is dan om die dag te gebruik vir doeleindes wat in stryd is met die voorskrifte van die Bybel.

As ons wil weet waarvoor God die rusdag gegee het, sal ons die Ou Testament en die Nuwe Testament noukeurig moet nagaan, want God het in die Nuwe Testament nie één van die Ou-Testamentiese voorskrifte herroep, ingetrek of ongeldig verklaar nie. Die Ou-Testamentiese voorskrifte is in die Nuwe Testament vervul. Dit beteken nie dat die gedagte van die rusdag as verbondsteken afgeskaf is nie, maar wel dat die Ou-Testamentiese sabbatsritueel verval het en daarom nie meer 'n eis aan die Nuwe-Testamentiese gelowige stel nie. Jesus sê in Matteus 5:17 en 18: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry. Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder verbygaan, as dat een letter of letterstrepie van die wet

sal wegval voordat alles voleindig is." Dit is ook waar van die rusdagvoorskrifte. In die Nuwe Testament is die rusdag nie afgeskaf of vervang of verplaas nie, maar Jesus het daaraan net sy volle betekenis, sy volle ryke inhoud gegee. Die rusdagvoorskrifte is dus net soos die ander Ou-Testamentiese voorskrifte in die Nuwe Testament opgeneem. Dit beteken dat die basiese gedagtes van die Ou-Testamentiese rusdagvoorskrifte in die Nuwe Testament behou is en voortgesit word. Al is die Nuwe-Testamentiese Sondag 'n totaal ander instelling as die Ou-Testamentiese rusdag, en al is daar geen historiese verband tussen die twee nie, is daar tog baie punte van ooreenkoms. Dit blyk duidelik as ons van die letter na die gees gaan; dit wil sê, dit gaan nie om die werklike onderhouding van die sabbat nie, maar om die toegespitste verkeer met God.

Die vraag is nou: Wanneer het God die sabbat as rusdag ingestel? Op hierdie vraag antwoord ons dat ons die eerste vermelding van die sabbat (rusdag) in Eksodus 16:23 vind. Daar lees ons: "Môre is dit rusdag, 'n heilige sabbat van die Here. Wat julle wil bak, bak dit, en wat julle wil kook, kook dit, en bêre vir julle alles wat oor is, om dit te bewaar tot môre toe." Dit is duidelik dat die sabbat hier nie eers ingestel is nie, maar die rusdag word hier as iets bekends voorgestel. Voor Eksodus 16:23 was die onderhouding van die rusdag blykbaar baie verwaarloos en nou word die volk hier opgeroep om die rusdag getrou te hou. Eintlik moet ons sê dat die instelling van die rusdag van voor die sondeval af dagteken en dat die rusdag op die sewende dag vir die Jode nie eers by Sinai ingestel is nie, maar by die skepping. Die rusdag geld dus vir alle mense en vir alle tye.

Die verdere vraag is: Hoe het die gelowiges van die vroegste tye die rusdag gevier? Hoe het die Jode wat die uitverkore volk van God was, die rusdag deurgebring? Hoe het die huisgesin die rusdag gevier?

Wanneer dit vir die Jode onmoontlik was om die samekomste van die volk op die rusdag in die tabernakel by te woon, moes die rusdag in die huis gevier word (Lev 23:3). Later het die rusdag 'n meer huislike fees geword. As daar op die ramshoring geblaas is, is daar 'n oorvloedige maaltyd voorberei; die huismoeder het die kerse aangesteek; die vader het die seën aan die tafel uitgespreek en so is elke huis op die

rusdag in 'n heiligdom omskep. By daardie geleentheid het die vader met die aanwesiges gepraat oor die voltooiing van die skepping; die rus van alle arbeid en die verlossing uit die Egiptiese slawerny.

Tydens die ballingskap was die rusdag een van die kragte wat die ballinge bymekaar gehou het. Die rusdag het ook die besef van God se teenwoordigheid onder die ballinge lewend gehou en dit het die Jode weerhou om vreemde godsdienste aan te neem. Toe Nehemia met 'n groep van die ballinge na Jerusalem teruggegaan het, het hy die rusdag met krag gehandhaaf (vgl Neh 13:15–22). Die Joodse profete het ook baie nadruk gelê op die getroue onderhouding van die rusdag (Jes 56:2, 4, 6; Jer 17:19–27; Eseg 46:1–7).

Na die ballingskap het Israel vir 'n tyd die rusdag getrou gehou, maar geleidelik het die onderhouding van die rusdag ontaard deurdat die Fariseërs alle moontlike bepalinge van wat op die rusdag geoorloof is en wat nie, neergelê het. Daar is byvoorbeeld bepaal dat alle arbeid op die rusdag gestaak moes word; op die rusdag moes daar nie eers 'n ete voorberei word nie. Daarom het die Fariseërs vir Jesus so erg verkwalik toe Hy sy dissipels toegelaat het om op die rusdag koringare te pluk en dit uit te vryf. Op die rusdag moes die samekomste van die volk in die tempel bygewoon word. Selfs die bediendes en die vee moes op die rusdag rus en op die rusdag mag niemand verder as 1 000 meter stap nie.

In daardie tyd is die rusdag dus nie net gesien as rusdag nie, nie net as die dag waarop daar gepraat moes word oor die voltooiing van die skepping en die verlossing uit die Egiptiese slawerny nie, maar ook as die dag van vreugdevolle toewyding aan die Here en dankbaarheid vir alles wat die Here aan hulle gegee en vir hulle gedoen het.

Die rusdag was nog meer. As ons die Ou Testament nagaan, merk ons dat die rusdag ook 'n teken vir die volk was. Daarvan lees ons in Eksodus 31:13–17 en in Esegiël 20:12–20. Nou weet ons dat 'n teken iets is wat vorentoe wys. Dit wys op iets belangriks wat nog in die toekoms lê. Die rusdag is nie soos sommiges sê net 'n teken wat Israel van die ander volke onderskei het nie, maar dit is 'n teken van die proklamasie van God se gesag. Die rusdag is dus ook 'n oproep tot erkenning van God se koningskap. Die sabbat (rusdag) is dus nie 'n

middel, waardeur Israel hulle van die ander volke onderskei het nie, maar dit is die proklamasie van God se gesag.

As ons die bogenoemde uitspraak goed wil verstaan, dan moet ons Esegiël 20:20 as uitgangspunt neem. Daar sê Esegiël: "En heilig my sabbatte; en hulle sal 'n teken wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die HERE julle God is." Volgens hierdie teks is die rusdag nie 'n teken wat die glorie van God aan die ander volke verkondig nie, maar 'n teken wat die Israeliete daaraan wil herinner dat God hulle God is en dat hulle sy eiendom is. Die rusdag is dus juis 'n teken vir Israel en wil vir Israel sê dat God al die seggenskap oor hulle het; dat Hy hulle Koning is en dat hulle aan Hom gehoorsaam moet wees. Die rusdag is dus ook 'n oproep om God se koningskap oor hulle te erken en hulle tot onderworpenheid aan Hom op te roep. Dit is die proklamasie van God se gesag oor hulle en die wese van hierdie gesag vind ons in Esegiël 20:12. Daar lees ons: "Daarby het Ek ook my sabbatte aan hulle gegee om 'n teken te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die HERE, is wat hulle heilig." Die woord heilig beteken nie sondeloos, vlekkeloos, volmaak nie, maar om af te sonder.

Hierdie teks wil dan sê dat dit God is wat Israel uitverkies het en van die ander volke afgesonder het. Dit beteken dat God Israel vir Hom as volk wou hê, om in sy diens te staan, in gehoorsaamheid en onderworpenheid aan Hom te lewe en om sy eiendomsvolk te wees. Israel se taak was dan dat hulle hul in hulle daaglikse lewe as God se eiendom moes gedra. Die rusdag wil die Israeliete daaraan herinner dat hulle heil nie afhang van wat hulle vir die Here doen nie, maar van wat die Here vir hulle doen. Hulle heil hang nie van hulle verdienste af nie, maar van God se genade. Op die rusdag moes hulle hul daaglikse werk staak en vir God die geleentheid gee om op hulle in te werk. Op die rusdag moes hulle nie met hulle daaglikse werk voortgaan nie, maar moes hulle hul verlustig in wat God vir hulle gedoen het. Net soos wat God Hom op die sewende dag in skeppingswerk verlustig het, so moes die volk hom verlustig in wat God vir hom gedoen het.

Ons kan tot dieselfde resultaat kom as ons Jesaja 7:10–16 noukeurig bestudeer. Hier blyk dit ook duidelik dat 'n teken die voorlopige openbaring van God se mag is. Dit is die belofte dat God straks sy koningskap sal aanvaar. Die rusdag

as teken wys dan vorentoe, na die dag wanneer God alle mag wat teenoor Hom staan, sal wegneem; na die ewigheid waarin God alles en in almal sal wees.

Die rusdag het dus ook 'n eskatologiese karakter. Dit wys aan die een kant terug na die voltooiing van die skepping en aan die ander kant na die voleinding. Dit wys terug na die rus van God na die voltooiing van die skepping en vorentoe na die rus wat daar in die volgende bedeling op die volk van God wag; dié rus waarvan die Hebreërbrief skryf: "Daar was dus nog steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God." Hierdie rus is die gevolg van Christus se versoeningswerk. In daardie rus sal die volk van God, dit is die gelowiges, nie passief wees of ewig stilsit, niksdoen en net geniet nie. Net soos God na die voltooiing van die skepping nog altyd besig is, net so sal die gelowiges in daardie rus ook ewig besig wees; besig om hulle te verlustig in en te dank vir wat Christus vir hulle gedoen het. Hulle sal ewig sing: "Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam behoort die lof en die eer en die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid." Hulle sal God dáár ewig prys en dank vir die gawe van sy Seun, vir die liefde van die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees; vir die evangelie wat hulle in hierdie lewe 'n blik gegee het op die ontferminge van God; vir elke sielsverkwikking en ondersteuning op die pelgrimspad; vir elke leed en kruis wat hulle nader aan die saligheid gebring het; vir verhoorde en onverhoorde gebede; vir al die weë en werke van die Here en vir die verlossingswerk van Jesus Christus.

HOOFSTUK 2

Die rusdag in die Nuwe Testament

In Matteus 5:17 sê Jesus: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry." Dit beteken dat Jesus nie gekom het om die Ou-Testamentiese voorskrifte, waaronder die sabbatsgebod tel, af te skaf, te herroep of ongeldig te verklaar nie, maar om dit te vervul. Vervul is iets anders as afskaf of herroep. Jesus se koms het juis die bedoeling om die wet en die profete te vervul, vol te maak, na sy hele diepte ten volle te verwerklik. Dit beteken dat geen letter of lettergrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is nie. Ons lees dan ook nêrens dat Jesus die rusdag afgeskaf het nie. Dit is waar dat die seremoniële en tipies Joodse wette in die Ou Testament in Jesus Christus vervul is en derhalwe nie meer vir die kerk van die Nuwe Testament geldig is nie, maar die religieus-sedelike aspek van die sabbatsgebod bly steeds geldig en dit word derhalwe elke Sondag onveranderd aan die gemeente van die Nuwe Testament voorgehou. In die Ou-Testamentiese tyd is geen ander dag as die sewende dag as rusdag gevier nie. Gedurende die omwandeling van Jesus op aarde, is die sewende dag ook as rusdag gevier. Jesus wat na die vlees 'n seun van Dawid was en deur die vrome Josef en Maria opgevoed is, het homself aan die Joodse tradisies onderwerp en daarom lees ons in Lukas 4:16 dat Jesus op die sabbat na die sinagoge gegaan het, soos dit sy gewoonte was.

Die vraag is: Waarom het Jesus op die rusdag na die sinagoge gegaan? Het Hy dit gedoen omdat Hy aan alle komende geslagte wou leer dat geen ander dag as die sewende dag as rusdag gevier mag word nie? Wou Jesus daarmee aan alle komende geslagte 'n voorbeeld stel wat tot op die jongste dag getrou nagevolg moet word? Wou Jesus met hierdie daad meer luister aan die rusdag verleen? Nee, Jesus het met hierdie daad nie een van die bogenoemde dinge bedoel nie, maar Hy het na die sinagoge gegaan omdat die volk op die rusdag in die

sinagoge saamgekom het om God se Woord te hoor. Van Selms het hieroor gesê: "Jesus het nie (met hierdie daad) in die eerste plek 'n navolgenswaardige voorbeeld gestel nie. Ons moet nie in Christus se dade voorbeelde sien wat bedoel is om nagevolg te word nie. Die evangelies is nie daarvoor geskryf nie. Elke daad wat in die evangelies vermeld word, is verkondiging van die nuwe verbond wat Hy gesluit het en waarby ons deur God se genade ingesluit is. Jesus se dade is dus nie soseer voorbeelde, gebooie wat nagevolg moet word nie, maar dit is in die eerste plek profetiese prediking, woorde van genade, waarin ons troos moet vind.

Jesus het nie na die sinagoge gegaan omdat dit die sabbat was nie, maar omdat die gemeente daar vergader was om God se Woord wat daar verkondig word, te hoor. Sinagogediens, verkondiging van God se Woord was dus vir Jesus nie 'n middel om aan die sabbat meer luister te gee nie, die Woord van God is immers meer as die sabbat en kan dus nie in die diens van die sabbat gestel word nie. Die dag dien die Woord en nie die Woord die dag nie."

Uit die Nuwe-Testamentiese gegewens blyk dit duidelik dat Jesus die Joodse rusdag getrou gehou het. Die vraag is nou: Hoe het Jesus die Joodse rusdag gehou? Wat het Jesus op die rusdag gedoen? Het Jesus die Joodse sabbatsvoorskrifte gehou of nie? In daardie tyd het die Jode baie voorskrifte in verband met die rusdag gehad. Volgens Levitikus 16:31 mag daar op die rusdag niks gekoop word nie; geen werk gedoen word nie (Deut 5:14); geen vuur aangesteek word nie (Eks 35:3); geen hout bymekaar gemaak word nie (Num 15:32–36); geen vrag in die stad ingebring word nie (Jer 17:21); nie gevlug word nie (Matt 24:20); niemand gesond gemaak word nie (Mark 3:2) en niemand verder as 1 000 meter gereis het nie (Hand 12:1–12).

Die vraag wat nou na vore kom is: Het Jesus al die voorskrifte stiptelik gehou? Uit die gegewens van die evangelies blyk dit dat Jesus die Joodse rusdagvoorskrifte nie letterlik gehou het nie. Ons lees byvoorbeeld dat Jesus by verskillende geleenthede op die rusdag siekes gesond gemaak het (Matt 12:9–13); die lam vrou (Luk 13:10–17); die agt-en-dertig-jarige sieke van Betesda (Joh 5:1–5) en dat Hy die dissipels toegelaat het om op die rusdag are te pluk, dit uit te vryf (Matt 12:1–8), ensovoorts. Oor hierdie dade het die Skrifgeleerdes

en Fariseërs vir Jesus baie kwalik geneem. In hulle oë was hierdie dade van Jesus ernstige oortredings van die rusdag-voorskrifte. Omdat Jesus dit gedoen en toegelaat het, het die Skrifgeleerdes en Fariseërs gesê dat Hy nie van God gekom het nie, want as Hy van God gekom het, sou Hy die rusdag nie so ontheilig het nie.

Laat ons 'n paar van daardie dade van Jesus op die rusdag van nader bekyk:

- Die genesing van die gebreklike vrou (Luk 13:10–17)
  Op die rusdag het die mense 'n vrou wat al agtien jaar lank siek was, na Jesus gebring en gevra om haar gesond te maak. Jesus het haar gesond gemaak. Daaroor was die hoof van die sinagoge baie verontwaardig. Hy sê toe aan die vrou (nie aan Jesus nie): "Daar is ses dae in die week waarop 'n mens moet werk. Julle moet op een van daardie dae kom om julle te laat gesond maak, nie op die sabbatdag nie." Nou tref dit ons dat die hoof van die sinagoge die vrou aangespreek het en nie vir Jesus nie. Jesus het egter geweet dat daardie woorde eintlik vir Hom bedoel was, daarom het Hy die vrou in sy beskerming geneem en aan die hoof van die sinagoge gesê: "Julle huigelaars! Maak elkeen van julle nie op die sabbatdag sy bees of sy donkie van die krip los en lei hom weg om hom te laat suip nie? en hier is 'n vrou, 'n afstammeling van Abraham, wat werklik al agtien jaar lank deur die Satan gebind is. Mag sy dan nie op die sabbatdag van hierdie band losgemaak word nie?" Daarmee het Jesus aan die hoof van die sinagoge gesê dat daar in Israel 'n gebruik is wat niemand afkeur nie, maar dat hulle weier dat die band wat hierdie vrou bind, losgemaak word. Waarom kan sy nie op die rusdag dieselfde behandeling kry as die bees of die donkie nie? Dit is asof Jesus aan die hoof van die sinagoge vra: Moet daar op die rusdag aan 'n bees of 'n donkie barmhartigheid bewys word, maar nie aan 'n dogter van Abraham nie?

  Met hierdie daad het Jesus nie net barmhartigheid bewys aan 'n mens wat in nood verkeer het nie, maar het Hy ook die werke van die duiwel verbreek. Daarvoor het Hy na die aarde toe gekom en het Hy elke geleentheid om dit te doen, aangegryp. Daarmee het Jesus getoon dat die betoning van barmhartigheid en die verbreking van die werk van die

Satan belangriker is as die stiptelike hou van die Joodse rusdagvoorskrifte.

- Die genesing van die agt-en-dertig-jarige sieke van Betesda (Joh 5:1–17)
  Jesus het op die rusdag by die hospitaal van Betesda gekom. Daar het Hy 'n man gevind wat al agt-en-dertig jaar siek was. Jesus het hom gesond gemaak. Weer het die Jode vir Jesus fyn dopgehou. Die Jode het van Jesus verwag dat hy die menigte oorgelewerde insettinge moes handhaaf. By 'n botsing van pligte moes daar aan die heiliging van die rusdag voorkeur gegee word. Een van die voorskrifte was dat daar op die rusdag niks gedra mag word nie (Neh 10:31, 13:15). Daardie geneesde man het dus die rusdag ontheilig deurdat hy sy bed gedra het. In hulle ywer om die rusdag te heilig, het die Jode nie raakgesien dat daar 'n wonder in daardie man se lewe plaasgevind het nie, want al hulle aandag was op die heiliging van die rusdag toegespits.

  Hier vind ons Jesus weer as die Barmhartige en die Ontfermer. Hy is die Heer van die rusdag wat Hom nie deur die voorskrifte van die Skrifgeleerdes laat bind nie.

- Jesus is die Here oor die sabbat (Matt 12:1–8)
  Hier word vertel dat Jesus en sy dissipels op die rusdag deur die koringland gestap het. Omdat die dissipels honger was, het hulle van die koringare gepluk, uitgevryf en geëet. Die Fariseërs was daaroor baie ontevrede, want die een rusdagvoorskrif het gelui dat die oes nie op die rusdag ingesamel mag word nie. Hulle het daardie daad van die dissipels gesien as 'n onderdeel van die oesinsameling en daarom het die dissipels, volgens die Fariseërs, die rusdag ontheilig. Die Fariseërs het Jesus dan ook daaroor aangespreek (vers 2). Toe Jesus sien dat die Fariseërs hulle op die Skrif beroep, het Hy dit ook gedoen. Hy vestig hulle aandag op Dawid se optrede in Nob (1 Sam 21:1–6). Toe Dawid en sy manne baie honger was, het hulle gevra om van die toonbrode te eet en die priesters het dit toegelaat. Die wet het uitdruklik bepaal dat dit net die priesters is wat van daardie toonbrode mag eet (Lev 24:9), maar toe Dawid en sy manne in nood was, is dit aan hulle gegee. Weer blyk dit dat die eis van barmhartigheid groter gewig dra as die seremoniële voorskrifte van die heiligdom. God het nie vir

Dawid en die priesters gestraf omdat hulle dit toegelaat het nie, inteendeel, Dawid was vir die Fariseërs die modelkoning. Dit blyk dus dat daar omstandighede is wat die godsdienstige en sedelike eise van die seremoniële wette ophef.

Dan gebruik Jesus nog 'n voorbeeld. Volgens Numerie 28:9–10 is die priester verplig om hulle ampspligte op die rusdag uit te oefen. As hulle dit doen, oortree hulle nie die rusdagvoorskrifte nie. Nou sê Jesus in Matteus 12:6: "Hier is Een wat groter is as die tempel." Daardie Een is Hyself. As die priesters wat in die diens van die tempel staan sekere vrystellings verkry, dan moet sy dissipels dit in 'n groter mate verkry, want hulle staan in sy diens en Hy is meer as die tempel. En dan sê Jesus in vers 8: "Die Seun van die mens is immers Here oor die sabbat!" Die woord Here beteken meester, gebieder, eienaar. Nou lees ons in Daniël 7:13–14 dat die heerskappy, eer en koningskap aan die Seun van die mens gegee is en Hy is die Seun van die mens. Hy is dus die Koning; Hy het die finale seggenskap en die rusdag is nie van hierdie seggenskap uitgesluit nie. Dit beteken dus dat Jesus die Koning oor die rusdag is, dat Hy die finale seggenskap oor die rusdag het en dat die rusdagvoorskrifte daarom nie onverbiddelike wette is nie. Jesus kan op die rusdag doen wat Hy wil en niemand kan Hom tot verantwoording roep nie.

Hier dink ons ook aan Markus 2:23–37. Na aanleiding van die dissipels wat die koringare gepluk, uitgevryf en geëet het, leer Jesus in hierdie perikoop dat die Jode met hulle insettinge en gebooie die rusdag tot 'n tiran oor die mens verhef. Die rusdag het vir die Jode 'n afgod geword. Hulle leer oor die rusdag kom daarop neer dat die mens vir die rusdag gemaak is. Dit beteken dat die mens die slaaf van die rusdag is. Selfs wanneer die Here van die mens barmhartigheid verwag, mag hy dit nie op die rusdag bewys nie. So 'n rusdag-beskouing is in stryd met God se doel met die rusdag.

Verder sê Jesus dat as die rusdag ter wille van die mens ingestel is, dit wil sê ter wille van die mens gegee is, dan is die rusdag in 'n nog groter mate daar ter wille van Jesus wat ook Koning oor die rusdag is. Hy (Jesus) en die Vader is een. Wat die Vader wil, wil Hy en wat die Vader afkeur,

KITAL

keur Hy af. As die Vader wat die gewer van die rusdag is, vrye en volle seggenskap oor die rusdag het, dan het Hy dit ook. Daarom mag geen mens van Jesus rekenskap eis oor wat Hy op die rusdag doen of toelaat nie en die rigtinggewende reël in verband met wat Hy toelaat en beveel, is barmhartigheid. Barmhartigheid is beter as offerande.

- Matteus 24:20: "Bid dat julle nie in die winter of op 'n sabbatdag hoef te vlug nie."
  In die Skrifgedeelte waarin hierdie uitspraak van Jesus voorkom, handel Hy oor die groot verdrukking wat die einde van hierdie bedeling sal voorafgaan. Met die bogenoemde uitspraak wil Jesus eerstens sê dat dit altyd moeilik is om in die winter te vlug en aan die koue blootgestel te wees. Nou het die Joodse rusdagvoorskrifte gesê dat 'n mens nie meer as 1 000 meter op die rusdag mag reis nie. Wil Jesus nou hier leer dat 'n mens in 'n noodtoestand nie meer as 1 000 meter mag vlug nie? Nee, wanneer daar werklik 'n noodtoestand ontstaan en die mens moet vlug, dan leer Jesus dat dit ook op die rusdag kan gedoen word, al is dit meer as 1 000 meter. As daar in die winter gevlug moet word, sal dit net baie moeiliker wees as in die somer. Dit is dus altyd beter as 'n mens nie op die rusdag en in die winter hoef te vlug nie, en daarom moet daar gebid word dat dit nooit nodig sal wees om op die rusdag te vlug nie.

Dit is duidelik dat Jesus die rusdagvoorskrifte nie as onverbiddelike wette beskou het nie. Dit beteken nie dat Jesus nou aan die mens 'n vryheid gee om op die rusdag te doen wat hy wil nie. Op die rusdag is sekere dinge ongeoorloof. Die vraag is net: Wat is volgens Jesus op die rusdag geoorloof? Die Bybel leer ons dat sekere soorte werke geoorloof is; byvoorbeeld die verkondiging van die evangelie, barmhartigheidsdienste en ander noodsaaklike dienste. Onder barmhartigheidsdienste verstaan ons werke soos dié van die medikus, verpleegster, die besoek aan siekes, armes, bejaardes en in die algemeen werke van barmhartigheid en liefdadigheid (vgl Luk 6:6–10). Wat noodsaaklike werk betref, dink ons aan die voorbereiding van kos (Luk 6:1–4); die versorging van diere (Luk 13:15); die redding van 'n hulpelose dier, hetsy 'n bees of 'n donkie in die put (Luk 14:5). 'n Mens moet net versigtig wees om nie 'n dier

'n dag of langer in die put te laat bly om hom dan skielik op die rusdag te wil uithaal nie. Dit is ook noodsaaklik dat die polisie op die rusdag wet en orde sal handhaaf; dat die soldaat na die wapen sal gryp as die veiligheid van die land bedreig word. Die rusdag moet geheilig word en die beste manier om dit te doen is om die eredienste by te woon. Daarom kan Sondagsport, visvang en die besoek van ontspanningsoorde op die rusdag nie goedgekeur word nie.

Ten opsigte van die rusdag het Jesus drie dinge baie duidelik geleer: Eerstens, dat dié dag 'n rusdag is. Hierdie rus is egter nie 'n absolute stilstand wat deur "mag" en "mag nie" beheers word nie, maar daarin moet iets van die groot barmhartigheid wat God aan ons betoon het, ook deur ons betoon word. Tweedens moet ons op die rusdag die eredienste getrou bywoon. Hy het op die rusdag na die sinagoge gegaan, soos Hy gewoond was (Luk 4:16). Derdens het Jesus ernstig gewaarsku teen werkheiligheid. Dit het die Fariseërs gedoen. By hulle het die rusdaggebod ontaard in 'n gebod tot werkheiligheid, van menslike "mag" en "moenies" in plaas van dat dit soos in Psalm 92 (bv vers 6) 'n dag van lofprysing van die groot werke van God is. By hulle het die menslike vormgodsdiens, die menslike daad, die groot dade van God vervang. Dit is om hierdie rede dat Jesus die Jode daaraan herinner het (Matt 12:7) dat God nie offerande wil hê nie (dit wil sê uiterlike, wettiese vormgodsdiens van "mag" en "mag nie"), maar barmhartigheid.

HOOFSTUK 3

Die apostels en die rusdag

In die vorige hoofstuk het ons gesien dat Jesus Hom aan die Joodse tradisies gehou het deur onder andere die Joodse rusdag te hou. Volgens Lukas 4:16 was dit Jesus se gewoonte om op die rusdag na die sinagoge te gaan. Jesus het die sinagoge gereeld besoek, maar Hom nie deur die Joodse rusdagvoorskrifte gebonde geag nie. Wanneer iemand op die rusdag in die nood was, het Jesus die Joodse rusdagvoorskrifte geïgnoreer en 'n helpende hand uitgesteek, want by God is barmhartigheid belangriker as offerande, as die uiterlike wettiese vormdiens van "mag" en "mag nie". Daarmee het Jesus geleer dat die Joodse rusdag nie 'n afgod moet word nie. Die mens is nie vir die rusdag gemaak nie, maar die rusdag vir die mens.

Noudat ons weet hoe Jesus die rusdag gehou het, vra ons: Hoe het die apostels en die kerk gedurende die apostoliese tyd die rusdag gevier?

Uit die Nuwe-Testamentiese geskrifte blyk dit dat die apostels net soos Jesus op die rusdag na die sinagoge gegaan het. Volgens Handelinge 17:2 was dit ook Paulus se gewoonte. Ons lees ook op baie plekke dat Paulus op die rusdag die sinagoge besoek het (Hand 13:14, 48, 44: 17:2, 18:4). Net soos Jesus, het hy op die rusdag na die sinagoge gegaan, nie omdat dit die Joodse rusdag was of omdat hy daarmee wou leer dat almal die Joodse rusdag moes hou nie, maar omdat die volk op die rusdag in die sinagoge vergader het. Paulus het geweet dat as hy die Jode wou bereik, hy op die rusdag na die sinagoge moes gaan.

Wanneer ons na die bogenoemde tekste kyk, merk ons dat daar altyd Jode en Jodegenote was. In Antiogië was daar in daardie tyd baie Jode en volgens Handelinge 13:16 het Paulus hulle toegespreek. Volgens Handelinge 13:44 het byna die hele stad op die rusdag gekom om die Woord van God te hoor. In Tessalonika (Hand 17:2) het Paulus op drie rusdae die Woord verkondig.

Die Jodegenote was vroeër heidene wat na die Jodedom

oorgekom het, dit wil sê die Joodse godsdiens en lewenswyse aangeneem het. Hulle is ook besny. So is hulle as't ware in die Joodse volk ingebore. Daarom was die Jodegenote in die sinagoge toegelaat, maar die heidene wat tot die Christendom bekeer is, maar nie die Joodse godsdiens en lewenswyse aangeneem het en ook nie besny is nie, is nie in die sinagoge toegelaat nie. Paulus het dus baie met gehore gepraat wat uit Jode en Jodegenote bestaan het.

Ons lees ook dat Paulus dikwels met Christene uit die heidendom gepraat het. Hulle is bekeerlinge wat nie die Joodse lewenswyse en godsdiens aanvaar het nie en ook nie besny is nie. Waar Paulus sulke gehore toegespreek het, het hy dit gewoonlik op die eerste dag van die week, dit is Sondag, gedoen (vgl Hand 20:17). Daar is geleerdes wat sê dat die Christene uit die heidendom die Sondag as vakansiedag gehou het en toe hulle nog heidene was, die Sondag aanbid het. Daarom sê hulle, was dit voor-die-hand-liggend dat die Christene uit die heidendom die Sondag as rusdag gevier het. Hulle het die dag wat hulle as feesdag geken het, 'n ander karakter gegee deur nie meer die songod te aanbid nie, maar die opgestane Heiland, Jesus Christus. As dit so is, het hulle nie 'n buitengewone ding gedoen nie, want die kerk het later in verband met Kersfees dieselfde gedoen. Hierdie argument mag waar wees, maar dit was nie van deurslaggewende aard nie.

Hierdie twee groepe, naamlik die Joodse Christene wat die Ou-Testamentiese rusdagvoorskrifte nog wou handhaaf en die heiden-Christene wat op die Sondag bymekaargekom het, het dikwels oor verskillende sake gebots. So het daar byvoorbeeld in Antiogië 'n ernstige botsing ontstaan oor die vraag of die besnydenis vir alle Christene noodsaaklik was. Om die verskil uit die weg te ruim het hulle besluit om die apostels en ouderlinge van die moedergemeente te Jerusalem om advies te vra. Die apostels het eers in 'n klein vergadering saamgekom waar hulle die saak grondig bespreek het om 'n goed-deurdagte advies aan die gemeentevergadering voor te lê. Hierdie gesprek is deur Paulus, Barnabas, Petrus, Jakobus, die broer van die Here en Johannes gevoer (vgl Gal 2:6–10). Oor die saak in verband met die besnydenis, is daar gou ooreengekom dat die bekeerlinge uit die Jodedom die besnydenis kan hand-

haaf, maar dat die besnydenis vir die bekeerlinge uit die heidendom nie noodsaaklik is nie. Daarna het hulle na die groot vergadering gegaan en dié het besluit dat die bekeerlinge uit die heidendom vry van die juk van die wet sal wees (Hand 15:24–28). Albei die groepe is egter verplig om hulle te onthou van alles wat aan die afgode geoffer is; van bloed; van wat verwurg is en van hoerery (Hand 15:28–29). Op daardie vergadering is daar geen melding gemaak van die rusdag nie. Daaruit kan ons net een afleiding maak, naamlik dat die dag waarop die rusdag gevier moes word toe alreeds nie meer onder die noodsaaklike dinge getel het nie (vers 88). Daarmee het die kerk besluit dat die Joodse rusdaggebod vir die Christene nie meer bindend is nie. Daarom skryf Paulus aan die gemeente van Rome: "Vir die een is een dag belangriker as ander dae; vir 'n ander is alle dae ewe belangrik. Elkeen moet net in sy eie gemoed oortuig wees van sy opvatting. Die een wat 'n bepaalde dag op 'n besondere wyse hou, doen dit tot eer van die Here" (Rom 14:5 en 6). Vir Paulus is die dag nie die belangrikste nie, maar of jy die dag wat jy as rusdag hou tot die eer van die Here hou. In Galasiërs 4:9–11 skryf Paulus teregwysend: "Maar noudat julle God leer ken het, of liewer, noudat Hy julle ken, hoe val julle dan nou weer terug na daardie minderwaardige en armsalige eerste beginsels? Wil julle van voor af weer slawe daarvan wees? Julle hou aan om besondere dae en maande, feesgeleenthede en jare te vier. Ek vrees my harde werk aan julle was dalk tevergeefs", en aan die gemeente van Kolosse gee Paulus die goeie raad: "Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die sabbatdag moet vier nie. Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus" (Kol 2:16 en 17). Dit is dus duidelik dat Paulus, net soos Jesus, hom nie deur die Joodse rusdagvoorskrifte gebonde geag het nie.

Daar is ook tekste in die Nuwe Testament wat daarop dui dat die gemeentes in die Nuwe-Testamentiese tyd die eerste dag van die week as rusdag gevier het. Dit was die dag waarop die gemeentes vir die erediens bymekaargekom het. Volgens Handelinge 20:7 het die gemeente van Troas op die Sondag bymekaargekom om die liefdesmaal te eet, daarna die

nagmaal van die Here te vier en na die afskeidsboodskap van Paulus te luister, want Paulus sou die volgende oggend vroeg vertrek. Sommige Skrifverklaarders meen dat ons hier met 'n buitengewone geval te doen het. Waarom is dit buitengewoon? Omdat Paulus vroeg die volgende môre moes vertrek? Volgens vers 6 was Paulus reeds sewe dae in Troas. Daar was dus genoeg tyd om die Saterdag die nagmaal te vier. Tog het Paulus en die gemeente dit nie gedoen nie. Daaruit blyk duidelik dat Paulus en die gemeente van Troas nie meer die Saterdag as dag van samekoms gehad het nie, maar die Sondag. By hierdie geleentheid is die nagmaal gevier. Nou weet ons van geen geleentheid dat die Christelike kerk die nagmaal op die Joodse rusdag gevier het nie. Ons weet ook van geen plek waar Paulus in 'n Christelike gemeenskap die Joodse rusdag gevier het nie. In die Joods-Christelike gemeenskappe het hy wel die Joodse rusdag gevier, maar nie in 'n Christengemeenskap nie. As Paulus van oortuiging was dat die Joodse rusdaggebod vir die Christene verpligtend is, sou hy dit tog één keer gesê het.

Ons dink ook aan 1 Korintiërs 16:2. Daar lees ons: "Elke Sondag moet elkeen van julle na sy vermoë tuis iets opsy sit en dit opspaar, sodat die geldinsameling nie eers plaasvind as ek kom nie." Paulus vra dus dat die Christene van Korinte op die Sondag iets vir die armes van Jerusalem sal wegsit (vgl 2 Kor 8:4; Rom 15:25; 2 Kor 8:7; Gal 2:10). Paulus noem die Sondag die spaardag, die dag van hulpverlening, die dag waarop aandag aan barmhartigheidswerk gegee moet word. Hy sê nie dat dit die gebruik van die gemeente was om 'n spesiale kollekte by die diens op Sondag te hou of aan die nagmaalstafel nie. Hy noem die Sondag hier ook nie "die dag van die Here" nie. Daar is miskien genoeg aanleiding daartoe, maar daar is geen definitiewe bewys nie. Hierdie opsparing moes op die Sondag by die huis gedoen word. Die versigtigheid gebied dat ons hierdie eerste dag van die week nie as die dag van die gemeentelike samekoms sal beskou of as die dag van die Here nie. Die teks kan miskien die waarde hê, maar dit gee nie voldoende grond vir so 'n opvatting nie. Vir hierdie teks kan ons geen vasstaande gevolgtrekking maak nie. Dit is genoeg dat hierdie teks bewys dat Paulus en die gemeente hulle nie deur die Joodse rusdagvoorskrifte gebonde geag het nie.

Dan het ons 'n derde teks wat iets oor die rusdagviering sê, naamlik Openbaring 1:10. Daar staan: "Op die dag van die Here is ek deur die Gees meegevoer ...". Hier noem Johannes die Sondag die dag van die Here. Die uitdrukking "dag van die Here" kom dikwels in die Ou Testament voor, veral by die profete. In dié tekste verwys die uitdrukking na daardie tydstip wanneer die Here die teuels van die wêreldregering sal saamvat en deur gerig en heil sy mag sal openbaar. Van Selms sê dat die uitdrukking "die dag van die Here" of kortweg "die dag" dieselfde betekenis het. Volgens hierdie teks het Johannes op die Sondag in 'n geestesverrukking gekom. Die vraag is nou: Watter dag was dit? Van Selms sê dat die uitdrukking "die dag van die Here" later die gereelde Griekse benaming vir die Sondag geword het. Johannes wil met hierdie uitdrukking nie die groot en deurlugtige dag van die Here waarop die wêreld vandag nog wag, aandui nie, maar die eerste dag van die week (dié dag wat deur Jesus se opstanding geheilig is). Hier heilig Christus *weer* die dag en maak Hy dit tot 'n vreugdedag. Die opgestane Heiland het telkens op hierdie dag aan sy gemeente verskyn en met hulle verkeer. Van Selms sê dat die verskyning van Christus op die Sondag slegs die Sondag as dag van die samekoms van die gemeente wettig, maar nie die Joodse rusdag vervang of die rusdag van die Saterdag na die Sondag verskuif nie. Die Christene uit die Jodedom het die Joodse rusdag nog lank as rusdag gevier. Vir die Christene uit die heidendom was daar geen verpligte rusdag nie. Die Joodse Christene het die Saterdag die rusdag gehou en die heiden-Christene die Sondag. Daaruit blyk dit dat dit nie gebiedend is om 'n bepaalde dag as rusdag te hou nie. Daarom sê Paulus dat ons nie die een dag bo die ander moet stel nie, maar dat elkeen in sy eie gemoed oortuig moet wees. Solank ons op die rusdag die eer van die Here soek, maak dit nie saak watter dag ons as rusdag hou nie. Die gelowiges moet mekaar ook nie oor 'n bepaalde dag verag en veroordeel nie. Wanneer 'n mens dink dat jy deur 'n bepaalde dag te hou 'n beter Christen as ander is of die saligheid daardeur sal beërwe, bedryf jy 'n eiewillige godsdiens en so 'n godsdiens is waardeloos.

Vir die apostels en die eerste Christene was dit van die begin af duidelik dat hulle nie meer Jode was nie, maar

Christene; dat hulle nie meer onder die seremoniële wette van die ou bedeling gestaan het nie, maar onder die genade; dat hulle hulle nie meer hoef te laat besny en ook nie meer die Joodse rusdag hoef te hou nie, maar hulle moet laat doop en die Sondag wat deur die opstanding van Jesus geheilig is, as rusdag en dag van samekoms moet vier. Hulle het besef dat daar tussen die Jood en die Christen 'n kruis en 'n oop graf is. Tussen Jood en Christen staan die opgestane Heiland. Hulle het ook besef dat Jesus toe Hy daardie Saterdag in die graf gelê het, die laaste Joodse rusdag vervul het. Met sy opstanding daardie Sondagmôre het daar 'n nuwe bedeling begin. Vanuit hierdie oortuiging dat die ou bedeling vervul en verby is, het die eerste Christene reg van die begin af die Sondag as rusdag in hulle gemeentelike samekomste gehou. Daarom het Johannes geskryf dat hy sy visioen op die dag van die Here ontvang het (Op 1:10).

HOOFSTUK 4

Die rusdag is feesdag

Dit is vir elkeen nou duidelik dat nie Jesus of die apostels of die Christelike kerk die Joodse rusdag per besluit herroep, afgeskaf of ongeldig verklaar het nie, en die Sondag in die plek daarvan gestel het nie. Die bewering deur sommige mense dat dit die Roomse Kerk is wat die Joodse rusdag met die Sondag vervang het, en dat ons vandag in navolging van die Roomse Kerk verkeerdelik die Sondag as rusdag vier, is van alle waarheid ontbloot. Toe keiser Konstantyn sy bekende Sondagswet uitgevaardig het, het hy maar net erkenning gegee en die stempel op 'n gebruik geplaas wat toe al meer as twee eeue in gebruik was. Die Christelike kerk het in Paulus se dae al die Sondag as rusdag gevier. Daarom het Paulus die Christene wat die Saterdag as rusdag gevier het en gedink het dat hulle daarom beter Christene is as dié wat die Sondag as rusdag gevier het, ernstig tereggewys (vgl Gal 4:9 en 10). Toe die gemeente van Galasië wat toe reeds die Sondag as rusdag gevier het, wou terugkeer na die Saterdag, het hy aan die gemeente geskryf dat dit verkeerd is om nou weer terug te keer "na daardie minderwaardige en armsalige eerste beginsels".

Die vraag wat nou na vore kom is: Wat was die karakter van die vroeë kerk se Sondagviering? Hoe het die vroeë Christelike kerk die rusdag gesien?

Ons noem net 'n paar van die karaktertrekke:

- Die Sondag was net soos die Joodse sabbat 'n rusdag.
  Die Christelike kerk van alle tye het goed besef dat die mens 'n beperkte mate van krag besit. Die medici sal ook vir u sê dat die menslike liggaam behoefte het aan rus. As 'n mens onafgebroke voortgaan met sy werk raak die krag uitgeput, word die mens onproduktief en stort sy liggaam naderhand in duie. Hierdie afgematheid kan net deur periodieke rus weggeneem word. Daarom is die rusdag nog altyd as 'n wonderlike gawe van God gesien.

  Ons moet egter onthou dat daar net werklik gerus kan

word as ons gedurende die week ons opgelegde taak ywerig en getrou verrig het. As daar gedurende die week nie getrou en ywerig gewerk is nie, kan daar geen sprake van ware rus wees nie. Die eis is: ses dae getrou en ywerig werk en op die rusdag rus. Die mens wat sy werk nie gedurende die week getrou en ywerig gedoen het nie, is net so 'n oortreder van die rusdaggebod as dié een wat op die rusdag eenvoudig voortgaan met sy daaglikse werk. Die rusdaggebod spreek die luiaard ernstig aan. Die kerk het dan ook deur die eeue heen die mensdom opgeroep om gedurende die week hulle werk getrou te doen en die rusdag te gebruik vir die doel waarvoor die Here dit gegee het.

Die rusdag roep ons nie net op tot liggaamlike rus nie, maar ook tot geestelike rus. Die geestelike rus is net so noodsaaklik as die liggaamlike rus. Ons kan selfs sê dat die rus op die rusdag ten diepste 'n geestelike rus is. Die rusdag is dus nie 'n dag van passiwiteit, niksdoen en ledigheid nie, maar 'n dag waarop ons sielerus moet kry. Ook God se rusdag is nie 'n dag van passiwiteit en ledigheid nie. Jesus sê in Johannes 5:17: "My Vader werk tot nou toe." God se rusdag is 'n dag van aktiwiteit. Hy verlustig Hom in sy skeppingswerk. Hierdie geestelike rus vind ons alleen in die volbragte versoeningswerk van Jesus Christus. Net soos God die skepping volledig en volmaak voltooi het, net so het Hy die herskepping volledig en volmaak voltooi. Tereg het Augustinus gesê: "Ons hart is onrustig tot ons rus vind in God." Die rus vind ons in die teenwoordigheid van Christus. Ons vind die rus net as ons die versekering van Christus ontvang: "Jou sondes is vir jou vergewe." Hierdie versekering ontvang ons elke Sondag.

Elke Sondag is vir die Nuwe-Testamentiese gemeente 'n teken wat heenwys na die volbragte verlossingswerk van Christus en daarom 'n teken van God se wonderlike genade. Laat ons die oproep van die Nederlandse digter nooit vergeet nie:

"Laat ons die rusdag wy
met psalms tot U eer
dit is goed, o Opperheer
dat ons ons in U verbly."

- Die rusdag is ook 'n herinneringsdag.

Op die rusdag moes die Jode terugdink aan die voltooiing van die skepping. Hulle moes daaraan dink dat God die skepping volledig en volmaak geskape het. Daar het niks ontbreek nie en daar was ook geen wanklank nie. Toe God die mens geskape het, het hy 'n volmaakte skepping ingestap en kon hy van alles geniet wat God geskape het, behalwe van die boom wat in die middel van die tuin gestaan het. Die mens se eerste lewensdag was dus nie 'n werksdag nie, maar 'n rusdag, 'n dag van verlustiging. Daar was geen chaos wat eers georden moes word nie. Alles was volmaak en volledig.

Op die rusdag moes die Jode ook terugdink aan die verlossing uit die Egiptiese slawerny. Israel moes dus daaraan terugdink dat hulle verlossing nie die gevolg was van een of ander heldedaad of die gevolg van Moses en Aäron se politieke vernuf of diplomatieke onderhandelinge nie, maar die gevolg van God se genadige ingrype. God het met Farao gewerk en die gevolg daarvan was dat hy die Jode laat trek het. Op die rusdag moes Israel aan hierdie dinge terugdink.

Op die Sondag, die Nuwe-Testamentiese rusdag, dink die Nuwe-Testamentiese gemeente ook terug aan die verlossing, maar die verlossing uit die magsgreep van 'n veel wreder diktator as Farao en 'n veel erger slawerny as die Egiptiese slawerny, naamlik dié van Satan en die verlossing uit die slawerny van die sonde. Die gemeente dink daaraan dat ook hierdie verlossing nie die gevolg van die mens se goeie dade is nie, maar die gevolg van Jesus Christus se versoenende lyde en sterwe. God het Hom in die wêreld ingestuur, Hom in die hande van slegte mense oorgegee en toegelaat dat Hy aan die kruis sterwe en Christus het Homself vrywillig oorgegee en Hom laat bind. Met die las van ons sonde op sy skouers en van die toorn van God wat Hom die bloedige sweet in Getsemané ontpers het, het Hy Hom laat bind, sodat ons ontbind kan word; is Hy onskuldig tot die dood veroordeel, sodat ons voor die gerig van God vrygespreek kan word; is sy geseënde liggaam aan die kruis gespyker om die skuldbrief van ons sondes daaraan vas te nael; en het Hy in ons plek gesterf sodat ons kan lewe. As Christus nie ons skuld en sonde vir sy rekening geneem het

en nie sy geregtigheid en heiligheid vir ons gegee het nie, was daar geen sprake van verlossing nie. Elke Sondag staan die gemeente in die gees op Golgota rondom die kruis. Elke Sondagmôre dink die gemeente aan wat Christus vir ons gedoen het en styg die danklied omhoog:

"Dank, Vader, dank vir u genade –
dis onverdiende guns alleen!
Beoordeel U na reg my dade,
waar sal ek skuil, waar vlug ek heen?
Maar nee, ek mag, ek wil nie vrees nie,
U spreek my vry om Jesus bloed;
ek sal nie meer bekommerd wees nie –
in Hom is rus vir my gemoed."

- Die rusdag is ook 'n offerdag.

In 1 Korintiërs 16:2 het Paulus die gemeente opgeroep om op die Sondag iets weg te sit vir die armes van Jerusalem. So het Paulus die Sondag tot spaardag gemaak. Die geld wat so opgespaar word, moes vir barmhartigheidswerk gebruik word. Daarmee moes hulp verleen word aan mense wat in nood verkeer. Gedurende die week werk die mense en deur die seën van die Here verdien hulle iets. Nou vra Paulus dat elkeen iets van sy verdienste aan die armes en ongelukkiges wat te min verdien het of glad nie kon verdien nie, moes gee. Deur so aan die armes te gee, gee 'n mens eintlik aan God, want Jesus sê: "Vir sover julle dit vir een van die geringstes van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit vir My gedoen" (Matt 25:40). Jesus het ons in die diens van barmhartigheid voorgegaan toe Hy op die rusdag barmhartigheid bewys het deur siekes te genees.

Dit is egter nie al offers wat op die rusdag gebring moet word nie. Ons moet ook op die rusdag in die erediens wees om saam met die gemeente in ons gebed, sang en lied die offers van lof en dank aan God te bring vir al die weldade wat ons ontvang het. In hierdie lofprysing gaan dit oor die werk van God aan ons.

Nog meer. Die offers wat ons moet bring bestaan nie net in die bietjie geld wat ons gee en in ons gebede en lofsange nie. As dit al offers is wat ons moet bring, sal dit darem te maklik wees. Nee, die offer wat die gelowige moet bring omvat sy hele lewe. Soos die gelowiges sy geld vir barmhar-

tigheidswerk gee en soos hy sy geld vir hul verlening aan die armes op die nagmaaltafel neersit, so moet hy sy hele lewe, met alles wat hy besit tot Christus se beskikking stel. Hy moet hom onvoorwaardelik aan Christus gee. Hy moet hom bereid verklaar om hierdie dag en elke dag van sy lewe te doen wat Christus hom beveel en na te laat wat Christus hom verbied. Saam met die gemeente verklaar hy elke Sondag dat hy na liggaam en siel, sowel in lewe as in sterwe, nie meer aan homself nie, maar aan sy getroue Saligmaker, Jesus Christus, behoort en daarom vra hy "Here, wat wil U hê moet ek vandag en elke dag van my lewe doen?" Om onsself te offer beteken om ons hele lewe in selfopofferende liefde aan die Here en aan ons naaste te wy.

- Die rusdag is 'n feesdag.
  Vir die Nuwe-Testamentiese gemeente was, is en sal die rusdag altyd 'n dag van blydskap wees. Waaroor is die Christelike kerk dan so bly?

☐ Omdat Jesus lewe.
Hierdie waarheid is vir die Christelike kerk van die allergrootste betekenis. Geen wonder dat Paulus hierdie waarheid in 1 Korintiërs 15:13–18 so sterk beklemtoon nie. Luister net: "As daar geen opstanding van die dooies is nie, beteken dit dat Christus ook nie opgewek is nie. En as Christus nie opgewek is nie, is ons prediking sonder inhoud en julle geloof ook sonder inhoud. Verder sou dit beteken dat ons valse getuienis oor God afgelê het, omdat ons teen God in getuig het dat Hy Christus opgewek het. As dit dan waar is dat die dooies nie opgewek word nie, het Hy Christus ook nie opgewek nie. As die dooies nie opgewek word nie, is Christus ook nie opgewek nie. En as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof waardeloos en is julle nog gevange in julle sondes. Dan is ook dié wat in Christus gesterf het, verlore." Christus lewe en Hy is na die opstanding deur baie mense gesien (vgl 1 Kor 15:4–8). Die volgelinge van Confutius, Boeddha en Mohammed moet erken dat hulle meester gesterf het, maar die Christene jubel: "Ons Meester lewe!"

☐ Ons is bly, want die dood is oorwin.
Wat? Die dood oorwin! Sê die kruis en die graf dan nie dat Jesus gesterf en dus verloor het nie? Nee, want daar is 'n

ope graf. Op die derde dag het Jesus opgestaan. Hy het die bande van die dood verbreek. Hy is die dood se meerdere. Hy het die dood doodgemaak. Henog en Elia het die dood ontglip, maar nie die dood oorwin nie. Met die opstanding van Jesus moes die dood vir die eerste keer erken dat daar EEN is wat sterker as hy is. Nou jubel die volgelinge van Jesus:

"Die dood is vernietig
die oorwinning is behaal.
Dood waar is jou oorwinning?
Dood waar is jou angel?" (1 Kor 15:54 en 55).

☐ Die gemeente is bly, want die verlossing is 'n feit.
Die opstanding is die bewys dat die Vader die offer van sy Seun aanvaar het. Die opstanding is die amen van die Vader op die verlossingswerk van die Seun. Tereg sing die gelowiges:

"Triomf, triomf, Hy segepraal,
Die volle losprys is betaal,
die kwytbrief afgegewe!
God spreek van sy genadetroon
My Seun se offer is bekroon.
Hy leef en jy sal lewe." (Ou Gesang 140:1)

☐ Die gemeente is bly, want God is 'n waarmaker van sy Woord.
Net soos Paulus en Barnabas in Antiogië, sê elke gelowige vandag aan die wêreld: "En nou verkondig ons aan julle die goeie boodskap dat God die belofte aan die voorvaders vir ons, hulle nageslag, vervul het deur Jesus uit die dood te laat opstaan. So staan daar dan ook in die tweede psalm geskrywe:

"Jy is my Seun,
vandag het Ek aan jou die lewe gegee."

God het Hom uit die dood laat opstaan, en daarom sal Hy nooit vergaan nie. Dit het Hy met die volgende woorde gesê:

"Ek sal vir julle die heilige en betroubare beloftes vervul wat Ek aan Dawid toegesê het."

Daarom sê Hy ook op 'n ander plek:

"U sal nie toelaat dat u troue dienaar vergaan nie." (Hand 13:32–35).

☐ Die gemeente juig, want hy weet dat elkeen wat waarlik in die opgestane Heiland glo, meer as 'n oorwinnaar is.
Soos Jesus die seun van die weduwee van Nain en vir Lasarus uit die kloue van die dood geruk het, net so bevry Hy elke mens wat waarlik in Hom glo, van die ewige dood. In 1 Korintiërs 15:22 en 23 sê Paulus: "Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word. Maar daar is 'n volgorde: die eersteling is Christus, daarna, by Christus se koms, dié wat aan Hom behoort."

☐ Die gemeente juig, want hy weet dat selfs die magte van die duisternis hom nie kan oorweldig nie. Die gemeente weet dat Christus nie net vir die ontstaan van die gemeente gesorg het nie, maar ook vir die voortbestaan van die gemeente. Jesus het self die versekering gegee dat Hy sy gemeente sal bou en dat die magte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie (Matt 16:18).

• Op die rusdag sien die Christelike kerk verlangend uit na die voleinding.
In Hebreërs 4:9 staan: "Daar wag dus nog steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God..." Hierdie rus is heeltemal anders as die rus wat die Israeliete geniet het toe hulle die beloofde land ingegaan het, of die rus toe alle vyandelikhede gestaak is. Die rus wat daar vir die volk van God, dit is vir alle gelowiges, (die mense wat Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker aangeneem het) wag, is 'n rus wat ooreenstem met die sabbatsrus van God nadat Hy die skepping voltooi het. Die weeklikse rusdag is dus nie maar net 'n weemoedige herinnering aan die volmaakte toestand wat daar voor die sondeval was nie; dit wys ook nie maar net na die rus van God na die voltooiing van die skepping nie, maar dit is ook 'n profesie van 'n heerlike toekoms wat daar na hierdie bedeling op die gelowiges wag wanneer daar 'n ewige sabbatsrus sal wees. Jesaja dink daaraan as hy skryf: "Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu

eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk" (Jes 11:6–8). Daar sal geen vyandskap wees nie en daar sal ook geen onheiligheid wees nie. Daar sal ook geen siekte, ellende, lyding, trane of dood wees nie. Daar sal ook geen wanklanke wees nie. Dan sal die ganse aarde die heiligdom van die Here wees; die natuur sy tempel; die verheerlikte mensheid sy gemeente wat onafgebroke sal sing: "Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid" (Op 5:13).

Elke rusdag gee 'n voorsmakie van daardie rus, vrede en heerlikheid. As die gemeente aan daardie toekoms dink, sing hy:

"Wat ons hier soek, is daar volkome,
in volheid ruis 'n nuwe lied;
verkwikking uit die lewenstrome
word ewig vreugdevol geniet.
Ons taal en kennis gaan verby –
net liefde, die volmaakte bly" (Gesang 176:3).

HOOFSTUK 5

Ons verpligting om die rusdag te hou

Ons is gelukkig dat God ons as klein babatjies in die hande van vroom ouers gelê het, wat ons in die vrese van sy Naam opgevoed en ons met woord en daad geleer het dat die gelowige die samekomste van die gemeente op die rusdag moet bywoon. Ons is gelukkig dat ons lidmate van 'n kerk mag wees wat die noodsaaklikheid van getroue erediensbywoning tydig en ontydig beklemtoon. Ons is ook gelukkig dat ons die oproep van die Bybel om die eredienste gereeld by te woon elke dag kan hoor.

Wanneer ons die Bybel lees, blyk dit dat daar baie uitsprake in hierdie verband in die Bybel voorkom. Daar is direkte en indirekte oproepe. Daar is so baie oproepe dat ons nie almal breedvoerig kan bespreek nie en daarom gaan ons die aandag net op 'n paar van die uitsprake vestig.

Die Ou-Testamentiese uitsprake

In Eksodus 23:14–17 lees ons: "Driemaal in die jaar moet jy vir My 'n fees hou. Die fees van die ongesuurde brode moet jy hou. Sewe dae lank moet jy ongesuurde brode eet soos Ek jou beveel het, op die bepaalde tyd in die maand Abib, want daarin het hy uit Egipte uitgetrek – maar hulle mag nie met leë hande voor my aangesig verskyn nie – vorder die fees van die oes, van die eerstelinge van jou werk, van wat jy op die land saai; en ook die fees van die insameling aan die end van die jaar as jy jou werk uit die land insamel. Driemaal in die jaar moet al jou manspersone voor die aangesig van die Here HERE verskyn." Hier word Israel opgeroep om driemaal per jaar in feestelike stemming voor die aangesig van die Here te verskyn. Die drie feeste is (a) die fees van die ongesuurde brode. Hierdie fees staan in verband met die verlossing uit Egipte en word ook die Paasfees genoem (vgl Eks 12:15); (b) die fees van die eersteling of ook die oesfees. Later is hierdie fees die Pinksterfees genoem en (c) die fees van die insameling

of die Loofhuttefees. Hierdie fees is aan die end van die jaar gevier. Hierdie opdrag, naamlik om hierdie drie feeste te vier, is in Eksodus 34:22–24 herhaal met die toevoeging dat die ander nasies hulle grondgebied nie sal begeer wanneer hulle optrek om die feeste te gaan vier nie (vgl vers 24). Wanneer die Jode optrek om die feeste te gaan vier, kan hulle hulle besittings met gerustheid agterlaat en ook met 'n gevoel van veiligheid die reis na die heiligdom onderneem.

Uit hierdie opdrag kom drie sake sterk na vore:

- Die Here het die oproep na die heiligdom as belangrik beskou. Dit blyk uit die versekering dat die Jode gedurende die feestyd nie vir vyandelike aanvalle hoef te vrees nie.
- Die Here het self bepaal hoeveel keer per jaar en waar die feeste gevier moes word, naamlik driekeer per jaar en by die heiligdom. Die Here het dit dus nie aan Israel oorgelaat om self te besluit hoeveel keer en waar hulle die feeste wou vier nie. Die Here het self bepaal waar en hoe Hy gedien wil wees. Dit sou eiewilligheid wees om anders te doen as wat die Here gesê het.
- Die volk moes nie met leë hande voor die aangesig van die Here verskyn nie, maar elkeen moes 'n vrywillige offer bring as bewys van sy dankbaarheid.

  'n Verdere direkte opdrag in die Ou Testament vind ons in die vierde gebod. Hier sê die Here dat die volk die sewende dag moet heilig. Die woord heilig, beteken afsonder met die doel om dit vir die diens aan die Here te gebruik. Op dié dag moes die volk saamkom om die Here te dien en te prys. Dan mag hulle nie met hulle daaglikse werk voortgaan nie, maar moes hulle die Here die geleentheid gee om op hulle in te werk en moes hulle hul verlustig in alles wat die Here vir hulle gegee en gedoen het.

Hierdie opdragte het van die Here gekom. Nou blyk dit dat hierdie opdragte vir die vroom Israeliet nooit 'n swaar las was nie, maar altyd 'n heerlike vreugde. Vir die vroom Israeliet was daar niks aangenamer as om op die vasgestelde tye voor die aangesig van die Here te verskyn nie, dit wil sê vir 'n tydjie in die teenwoordigheid van God wat soveel goed aan hulle gedoen het, te vertoef nie. As ons maar net die Psalms deurlees, merk ons dat dit werklik die hartsbegeerte van die vroom Israeliet was. Die vroom Israeliet het nooit gesê: "Ag

dit is al weer rusdag en tyd om na die heiligdom te gaan nie," maar hy het verlangend uitgesien na daardie dag en gesê: "Wanneer is dit tog weer tyd om in die voorhowe van die Here te staan?" Die dag wanneer hy voor die aangesig van die Here staan, was altyd vir hom 'n vreugdedag. Daarom was dit altyd vir hom 'n droewige dag as hy verhinder is om na die huis van die Here op te gaan. Lees maar Psalm 3:5:

"As ek na die Here roep,
antwoord Hy my van sy heilige berg af."

Die digter sê dat sorge, smarte en benoudhede hom tot God laat roep het en God het hom altyd gehoor en uitkoms gegee. Wat 'n vreugdevolle belydenis is dit nie! Ons dink ook aan Psalm 42:2–3. Daar staan: "Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God. Ek dors na God, na die lewende God. Wanneer kan ek gaan en voor God verskyn?" Pragtig word die inhoud van die hart van die vroom Israeliet in die berymde Psalm weergegee:

"Soos 'n hert in dorre streke
skreeuend dors na die genot
van die helder waterbeke,
skreeu my siel na U, o God!
Ja, my siel dors na die Heer,
na die Lewensbron; wanneer
sal 'k, ná swerftog en benouing,
God weer sien in klare aanskouing?"

Die digter se hart brand om in die huis van die Here te kom staan, want daar woon God. Wie daar staan, bevind hom in die teenwoordigheid van God. Daar kan hy die hele inhoud van sy hart voor God uitstort en aan God hulde bring in dankgebede en dankliedere. Met die woorde "my siel dors na God, na die lewende God", sê hy maar net hoe sterk sy verlange na God is. Daarmee wil hy sê dat sy verlange na God nie maar net 'n oppervlakkige verlange is nie. Nee, soos die agtervolgde wildsbokkie na water smag, so smag sy siel na die gemeenskap met God.

Ons dink aan Psalm 84:2–4. Daar lees ons:

"Hoe lief het ek u woning, Here, Almagtige!
Ek versmag van verlange na die tempel van die Here;
met alles wat ek is, wil ek jubel oor die lewende God.

Selfs 'n mossie het 'n nes
en 'n swaeltjie 'n plek vir haar kleintjies
daar by u altare, Here, Almagtige,
my Koning en my God!"

Vir die vroom Israeliet was die heiligdom 'n heerlike plek, want God woon daar. Sy siel verlang na die teenwoordigheid van God. Ons dink byvoorbeeld aan al die liedere wat die Israeliete gesing het wanneer hulle van die verafgeleë plekke na Jerusalem opgetrek het. Vergelyk hier veral Psalm 122:1–4:

"Ek was bly toe hulle vir my gesê het:
'Kom ons gaan na die huis van die Here toe.'
En nou is ons hier binne-in jou, Jerusalem!
Jerusalem is die stad wat stewig gebou is,
waarheen die stamme kom,
die stamme van die Here."

Die digter se siel is vol onuitgesproke vreugde noudat hy in die huis van die Here staan, in die teenwoordigheid van God. Daar kan hy saam met al die ander gelowiges God aanbid en dank. Daarmee sê hy dat dit nie genoeg is om God in sy huis te aanbid nie. Die gelowige wil dit ook in die tempel, in die erediens doen.

Vir die Ou-Testamentiese gelowige was daar niks aangenamer as om saam met die ander gelowiges in die teenwoordigheid van God te vertoef nie.

Die Nuwe Testament

Vir die Nuwe-Testamentiese gelowige is dit nie anders nie. Vir hulle is die samekomste van die gemeente net so belangrik. Volgens Lukas 14:4–16 het Jesus na die sinagoge gegaan soos dit sy gewoonte was. Nou moet ons onthou dat Jesus se ouers, Josef en Maria vroom Israeliete was. Hulle het groot erns met die Woord van die Here gemaak en hulle het hulle kinders ook so geleer. Wat 'n pragtige navolgenswaardige voorbeeld het Josef en Maria nie aan alle mense gestel nie! As daar nou staan dat Jesus na die sinagoge gegaan het soos dit sy gewoonte was, beteken dit ook dat Hy die opvoeding wat sy ouers aan Hom gegee het, gehou het. Wat 'n pragtige voorbeeld het Jesus nie aan alle kinders gestel nie! Hy het die samekomste in die sinagoge gereeld bygewoon, omdat Hy

geweet het dat wegbly van die samekomste niks anders as ongehoorsaamheid is nie. Gehoorsaamheid aan God is pragtig, maar ongehoorsaamheid is afskuwelik. Dit is 'n groot sonde. Die Here oorlaai die gehoorsame met die keur van sy seëninge, maar die ongehoorsame is besig om vir homself straf op te gaar (Rom 2:5).

Volgens Handelinge 17:2 het Paulus ook van die bywoning van die samekomste van die gemeente 'n gewoonte gemaak. Daaruit blyk dat Paulus die gereelde bywoning van die eredienste as noodsaaklik beskou het. Hy het met die Jode saamgekom op die tyd en plek wat hulle vasgestel het. Vir Paulus was dit goed om by so 'n geleentheid, of dit op 'n Saterdag of Sondag was, in die sinagoge of elders onder die bome, met die gelowiges saam te wees. Hy het getoon dat hy ook in hierdie opsig 'n getroue volgeling van Jesus was.

As Jesus in Johannes 4:21 aan die Samaritaanse vrou sê dat daar 'n tyd kom dat die mense die Vader nie op die berg Gerasim of in Jerusalem sal aanbid nie, beteken dit nie dat Jesus Hom teen die bywoning van die gemeentelike samekomste op bepaalde plekke en op gesette tye uitspreek nie, of dat Hy sulke samekomste geringskat of veroordeel nie. Al wat Jesus daarmee wou sê, is dat Gerasim en Jerusalem nie die enigste en ook nie die belangrikste plekke van aanbidding is nie. Die belangrikste is nie of 'n mens op Gerasim of in Jerusalem aanbid nie, maar of hy in Gees en in waarheid aanbid, dit wil sê of die gebed beantwoord aan die eise wat aan 'n ware gebed gestel word, naamlik of die gesteldheid van die hart reg is en of die gebed in die Naam van Jesus gebid is. As dit ontbreek, is die gebed vir die Here nie aangenaam nie, al bid 'n mens ook op Gerasim of in Jerusalem. As die gesteldheid van die hart reg is en as die gebed in die Naam van Jesus gebid is, is dit vir die Vader aangenaam, al bid 'n mens ook in die hospitaal of diep in die donker gange van die myn. Met hierdie uitspraak het Jesus die opgaan na die heiligdom nie afgekeer of geringgeskat nie, maar die regte gesindheid van die hart beklemtoon.

In Hebreërs 10:25 lees ons: "Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom."

Blykbaar het hierdie gemeente reeds 'n aanbiddingsplek gehad en vasgestelde tye waarop die gemeente saamgekom het. Dit blyk ook dat daar sommige lidmate was wat die slegte gewoonte gehad het om die gemeentelike samekomste nie by te woon nie. Sommige Skrifverklaarders meen dat die wegblyers die Joodse sabbatsvieringe bygewoon het. Volgens vers 26 lyk dit meer asof die wegblyers dit uit moedswilligheid gedoen het. As dit so was, dan wys die wegbly van die erediens op 'n verkeerde gesindheid. Dit toon dat ongehoorsaamheid besit geneem het van hulle harte. Die wegbly van die eredienste is ook van die eerste tekens van veragtering in die geloof en van afvalligheid. Hierdie mense het begin om die rug op die kerk te draai en daarmee ook op Christus. Nou word die lidmate opgeroep om met die wegblyers te gaan praat en hulle op te roep tot onvoorwaardelike oorgawe en gehoorsaamheid aan God. Die mens wat opsetlik sondig, nadat hy die kennis van die waarheid ontvang het, begaan 'n ernstige oortreding en as hy in daardie sonde bly volhard, moet aan hom gesê word dat hy geen deel in die ryk van Christus het nie en dit beteken dat hy geen deel in die genade het nie. Daardie mens lewe die verlorenheid tegemoet. Natuurlik, want die mens wat afvallig geword het verwerp doelbewus vir Jesus Christus, die enigste en volkome Verlosser en Saligmaker; hy verag en weerstaan die Heilige Gees, die enigste Heiligmaker; hy draai sy rug op die evangelie, die enigste weg wat na die saligheid lei en hy stel nie meer werklik belang in die ewige lewe nie. Die ander lidmate moet met daardie persoon gaan praat, want die gelowiges is nie net verantwoordelik vir mekaar se stoflike welsyn nie, maar ook vir mekaar se geestelike welsyn.

En wat leer die kerk? In vraag 103 van die *Heidelbergse Kategismus* gee die kerk 'n verklaring van die vierde gebod en dan sê die kerk dat "ek veral op die sabbat, dit is die rusdag, met die gemeente van God ywerig moet opkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, God die Here openlik aan te roep en Christelike liefdegawes vir die armes te bring." Hier beklemtoon die kerk dit dat die gelowige die samekomste van die gemeente op die rusdag "ywerig" moet bywoon. Die "ywerig" wil sê dat ons die eredienste nie net af en toe moet bywoon nie, maar gereeld en met groot graagte.

Wat 'n treurige teken van ongeloof en ongehoorsaamheid is dit nie as die gelowiges op die rusdag as gevolg van luiheid by die huis sit of gaan visvang nie! Op die rusdag moet die lidmate die gemeenskap met God en die mede-gelowiges gaan opsoek. As hy deur siekte of ander dinge wettig verhinder word om saam met die gemeente te vergader, moet hy die rusdag in die eensaamheid vier deur homself en sy huisgenote met godsdienstige boeke en gesprekke besig te hou.

Wie sal die seën kan beskryf wat die mense wat die eredienste gereeld bywoon, ontvang? Wie die erediens bywoon, verkeer vir 'n wyle in die teenwoordigheid van God en staan onder die reinigende krag van God se Woord. In die voorhowe van die Here word die gejaagde siel weer stil en rustig; ontvang hy 'n helder blik op die rots van die heil; die bekommerde hoor daar van 'n veilige skuilplek; daar hoor hy die vriendelike uitnodiging: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee" (Matt 11:28). Daar in die erediens word die lied in die hart gebore: "Die Here is my herder, ek kom niks kort nie" (Ps 23:1).

Wie iets van die genade gesmaak het, is dankbaar dat daar in die huis van die Here ook geleentheid is om liefdegawes aan die armes te gee; hy is dankbaar dat hy die geleentheid kry om 'n offer ten dienste van die behoeftiges op die altaar te lê. Die hart wat in die rigting van die hemel oop is, kan nie vir die mense gesluit wees nie. By daardie mens vloei die liefde in milde strome en hy verstaan dat elke liefdesdaad aan die arme in dieper sin daad aan God self is.

HOOFSTUK 6

Wat kom soek ons in die erediens?

Dit is noodsaaklik dat ons op die bogenoemde vraag 'n duidelike antwoord moet hê. Woon ons sommer uit gewoonte die eredienste by? Woon ons die eredienste by met die doel om God se guns te verwerf of probeer ons om die Here te vlei? Woon ons die eredienste by om deur die mense gesien te word of doen ons dit om later 'n bepaalde posisie in die samelewing te verkry? Daar kan nog baie sulke vrae gestel word. Miskien sal elke persoon 'n ander antwoord op hierdie vrae gee. Ons gaan kyk watter antwoord die Bybel op hierdie vraag gee. Dit is duidelik dat ons net 'n paar van die antwoorde hier kan bespreek.

- Ons woon die eredienste by omdat ons geestelike lewe honger het en dus behoefte het aan voeding. Hierdie honger het natuurlik nie op die liggaamlike honger betrekking nie, maar op die geestelike honger. Net soos die liggaam aan gereelde voeding behoefte het, het die sielelewe ook daaraan behoefte. Die nagmaalsformulier sê dat die geloof behoefte het om gereeld gevoed, gelaaf en versterk te word. Hierdie voedsel is die brood en water van die lewe en dit is die liggaam en bloed van Christus. Jesus het self gesê (verwysende na sy liggaam en bloed): "Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie en wie in My glo sal nooit weer dors kry nie" (Joh 6:35). Wie na Christus toe kom, eet met die geloofsmond sy liggaam en wie in Hom glo, drink met die geloofsmond sy bloed. Met die gelowige gaan dit dikwels soos met Elia. Toe hy na 'n lang en vermoeiende reis moeg en uitgeput onder die besembos gaan lê het, het hy gewens dat hy liewer kan sterwe, maar toe het die engel van die Here die brood en water aan hom gegee en gesê: "Staan op, eet, anders is die pad vir jou te veel" (1 Kon 19:7). Nadat hy geëet en gedrink het, het daar weer nuwe yster in sy bloed en staal in sy spiere gekom en kon hy weer veertig dae en nagte loop. Dit gebeur dikwels met ons geestelike lewe. Ons geestelike

KITAL

krag word uitgeput. Nou het God die voedsel gegee om die geestelike uitputting te voorkom. Daar bestaan ernstige en toegewyde Bybelstudie; daar is ook die opbouende geestelike gesprekke; die evangelie-verkondiging waarin die manna in goue kruike aan ons gegee word en daar is die heilige nagmaal waar ons die broodnodige voedsel vir ons hongerige en dorstige siele aangebied word. In die erediens en aan die nagmaaltafel word ons siele gevoed, gelaaf en versterk met die voedsel wat God voorberei. By 'n sekere geleentheid het Jesus met die mense oor die ewige lewe gepraat. Toe het 'n groot aantal beterweterig weggestap en toe hulle wegstap het Jesus aan sy dissipels gesê: "Wil julle nie ook maar weggaan nie? (Joh 6:67). Daarop het Petrus geantwoord: "Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee," (Joh 6:68). Volgens Petrus is Jesus se woorde nie net ewigheidswoorde nie, maar ook 'n sielevoedsel waarsonder die gelowige nie kan klaarkom nie. Dit is hierdie sielevoedsel wat in die erediens en aan die nagmaaltafel aangebied word. Wie meen dat hy sonder hierdie sielevoedsel kan klaarkom, dwaal. Wie van die erediens en die nagmaal wegbly, weier om sy geloof te voed, te laaf en te versterk en die gevolg daarvan is dat sy geloof honger ly, maer word en uiteindelik sterwe. Die mens wie se innerlike lewe gesterf het, is 'n wandelende lyk. Hy is 'n siele-selfmoordenaar.

- Ons kom na die erediens om saam met die gemeente God te loof, te prys en te dank. Ons lofprysing hou dus drie dinge in, naamlik loof, prys en dank en hierdie drie is eintlik dieselfde. Ons kan ook sê dat ons na die erediens kom om God te vereer, te verheerlik en te dien. Die vraag is nou: Waarvoor wil ons God loof, prys, verheerlik en dank? Ons antwoord:
  - ☐ Vir alles wat God so goed gemaak het. Nadat die hele skepping voltooi is, het God daarna gekyk en gesê dat dit goed is. As die Here sê dat iets goed is, dan is dit volmaak, sonder gebrek of tekortkoming. Die hemel en die aarde was volmaak en die mens was sonder fout. Nêrens was daar 'n wanklank nie. Daarvoor wil ons God loof, prys en dank.
  - ☐ Ons wil God loof, prys en dank omdat Hy die lewe aan

ons gegee het. Wat is die lewe nie 'n kosbare geskenk nie! Dit is seker een van die kosbaarste geskenke wat God aan die mens gegee het. Ons kan die lewe met geen goud of silwer koop nie. Dit verbaas ons ook nie dat die mens so baie tyd, geld en kragte gee om die lewe te behou nie.

- ☐ Ons wil God ook loof, prys en dank vir die baie ander dinge wat Hy aan ons gegee het. Hy het vir ons 'n vrou, 'n man en kinders gegee met wie ons kan saamlewe. Hy het so baie ander mense gegee met wie ons ons vreugde en smart kan deel; ander mense wat 'n helpende hand na ons toe uitsteek en na wie ons 'n helpende hand kan uitsteek. Ons dink ook aan al die bome en blomme; die gras en die struike, die berge en riviere, die woestyne en die see, die voëls en die diere. Die Here het dit alles aan ons gegee en gesê: "Gebruik en geniet dit."
- ☐ Ons woon die erediens by omdat ons saam met die gemeente God wil loof, prys en dank vir die verlossing in Jesus Christus. Wat 'n wonderlike gawe is dit nie! God het sy eniggebore Seun gegee om al ons skuld en sonde vir sy rekening te neem en sy geregtigheid en heiligheid vir ons toe te reken en te skenk. God het Hom gegee om in ons plek te kom staan en vir ons die straf te dra; om die wanverhouding tussen die mens en God te beëindig en weer 'n goeie verhouding daar te stel. Aan die kwaaivriendskap wat daar as gevolg van die sonde tussen die mens en God gekom het, en waaraan God geen aandeel het nie, het Hy 'n einde kom maak. Hierdie verlossing wat Jesus kom bewerk het, is net so 'n groot wonder as die skepping. Vir die verlossing was daar nie minder goddelike krag nodig as vir die skepping nie. Die skuld en die verlore sondaar het miskien meer weerstand gebied as die "niks" waaruit God die skepping te voorskyn geroep het, en daarom is die vraag of ons nie miskien oor die verlossing meer verwonderd moet wees as oor die skepping nie.
- ☐ In sy lofprysing bly die gemeente ook nie net by die verlede nie, maar gaan hy ook uit na die toekoms. Die gemeente dink in die erediens nie net aan die verlorenheid nie, maar ook aan die heerlikheid. Die gemeente

ken God nie net as Skepper en Verlosser nie, maar ook as die Voleinder en Verheerliker. In die erediens loof, prys en dank ons God ook omdat ons in hierdie wêreld nie sonder God, en hoop, verwagting en uitsig staan nie. As die gemeente aan die toekoms dink, dan juig en jubel hy.

God het die hele skepping gemaak om sy eer te verhoog. Die mens is deel van die skepping en God het die mens geskep om sy eer te vermeerder. Die hele skepping is bedoel om God te loof, te prys, te dank en te verheerlik. As die blomme blom en die voëls sing, vermeerder hulle die eer van God. As die waterstroompies murmel en die golwe breek op die seestrand, verkondig hulle die lof van God. As die mense hulle werk ywerig doen en sing, vermeerder hulle die glorie van God. Dit wil ons ook in die erediens doen.

- Ons kom na die erediens om vir die wêreld voorbidding te doen. Wanneer ons by die kerkdeur instap, laat ons die wêreld nie buite bly nie. Ons dra die wêreld saam met ons in die erediens in. Die vraag is nou: Wat doen ons met die wêreld in die erediens? Ons antwoord: Ons wil vir die wêreld voorbidding doen.

  Wanneer ons bid, praat ons met God. In die gebed bespreek ons alles met God. Dit beteken dat daar niks te gering of te eenvoudig is om met God te bespreek nie. Wanneer ons bid, praat ons ook met God oor die wêreld. Paulus sê mos in Filippense 4:6 dat ons al ons wense en begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend moet maak. In die gebed praat ons met God oor die wêreld, want God stel belang in hierdie wêreld. As ons met God oor die wêreld praat, erken ons dat dit nie 'n donker noodlot of die blinde toeval is wat die gang van die wêreldgeskiedenis bepaal nie, maar die lewende God. Ons erken dat God die stuurwiel van die wêreld in sy hande het en dat Hy die wêreld na die plek stuur waar Hy dit wil hê.

  Die gebed is ook nie 'n eenrigting-gesprek nie. Dit wil sê dat dit nie net die mens is wat praat nie, maar God wat ook praat. Romeine 8:26: "Ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie onder woorde gebring kan word nie." Dit beteken

dat die mens ook moet luister wanneer God praat. Ons gaan dus na die erediens om met God te praat en na God te luister. Die gebed is 'n belangrike element van die erediens. Daar bid die hele gemeente, ook daardie mense wat by hulle huise nie meer bid nie. In die erediens bring die voorbidder die nood en behoeftes, die lofprysing en danksegging van die hele gemeente onder woorde en die gemeente bid saggies saam en so word die hele gemeente 'n biddende vergadering.

Ons gaan dus nie na die erediens net om te luister en te praat nie, maar ook om ons gemeenskaplike, kerklike, volks- en wêreldsake met God te bespreek. In die konsistorie word gebid vir die opening van die Woord; vir die bekwaamheid om die Woord reg en suiwer te preek dat die ore van die luisteraars oop sal wees en die hart vir die Woord ontvanklik, maar in die erediens kom alles ter sprake. In die erediens word gebid vir vaderland en wêreld; vir owerheid en onderdaan; vir dokters, verpleegsters en medisyne; vir die polisie en die manne op die oorlogsveld; vir regters en staatsamptenare; vir politici en goeie volkereverhoudings en ook dat die koninkryk van God mag kom, sodat elke knie voor Hom sal buig en elke tong sal bely dat Jesus Christus die Here en Verlosser is.

Die gemeente se gebed is nie net 'n vraaggebed nie, maar ook 'n dankgebed. Die gemeente pleit nie net om God se seëninge nie, maar dank ook vir weldade wat ontvang is. Die gemeente bid in oorlogstyd vir vrede; in droogte vir reën, in hongersnood vir voedsel en in oorstromings vir genade. In die erediens dank die gemeente ook vir alle weldade op stoflike en geestelike gebied. Die dankgebed staan selfs op die voorgrond. Die gemeente dank, want hy weet dat die ware gelowiges vrygekooptes is en met sy geestesoog sien hy reeds die nuwe hemel en nuwe aarde waar daar geen wanklank sal wees nie.

- Ons gaan na die erediens om ons geloof te bely.
  Die woord bely beteken om openlik vir iets uit te kom; om nie te swyg nie; om jou nie te skaam vir die persoon of iets wat jy as die waarheid erken nie; om jou diepste sielsoortuigings nie onder tafels en stoele weg te steek nie. Bely beteken om te erken dat dít wat jy glo vir jou 'n lewens-

waarheid geword het. Die waarheid wat die gelowige bely en waarvoor hy openlik uitkom, is Jesus Christus.

Jesus het mos in Johannes 14:5 gesê dat Hy die waarheid is. In Hom het die waarheid van God gestalte aangeneem. Wie Hom sien, sien die waarheid. Die mens wat na die erediens kom, verklaar dus saam met al die gelowiges van alle tye dat dit sy diepste sielsoortuiging is dat Jesus in die vlees gekom het, in ons plek aan die kruis gehang het; ons skuld en sonde gedra het en sy geregtigheid en heiligheid vir ons toereken en skenk en dat Jesus die enigste, volkome en genoegsame Verlosser is.

Wanneer die gelowige aan die nagmaaltafel sit, verklaar hy ten aanhore van die hele wêreld:

"Jesus, U versoenend sterwe
bly die ruspunt van ons hart;
Nou kan ons die hemel erwe
dis ons hoop in alle smart;
ja, wanneer my oog eens breek
sterwensangs my laat verbleek
laat U bloed my hoop herlewe
U het al my skuld vergewe" (Gesang 57:3).

Die belydenis wat die gelowige in die erediens kom uitspreek, het in die eerste plek 'n persoonlike karakter. Die gelowige het hierdie diepste sielsoortuiging uitgespreek toe hy as jongmens belydenis van geloof afgelê het. Hy het dit in die erediens, dit wil sê in die openbaar gedoen, en dus ten aanhore van die wêreld. Hy wou dit in die midde van die gemeente doen en die samekoms van die gemeente is vir alle mense toeganklik. Hy het dit ook baie keer in die eensaamheid gedoen. Hy het dit gedoen toe hy saam met Petrus gesê het: "U is die Christus, die Seun van die lewende God" (Matt 16:16). Hy het dit ook gedoen toe hy saam met Tomas gesê het: "My Here en my God" (Joh 20:28).

Behalwe hierdie belydenis spreek ons ons diepste sielsoortuiging ook elke Sondag uit wanneer die *Twaalf Artikels* aan die gemeente voorgelees word en die gemeente dit saggies agterna sê. Daar is gelowiges wat wil hê dat die gemeente dit hardop agterna moet sê. Van Ruler vergelyk

die gemeente met 'n koor. Hy sê dat die kerk 'n koor is wat in die wêreld sing. Wanneer ons na die erediens gaan, gaan ons om met daardie koor saam te sing. Dit beteken dat ons met ons stemme die geluid van die koor versterk en deur die sang van die koor gedra word. Hoe sou elkeen van ons op sy eentjie die wysie hou? Hoe sou ons in hierdie wêreld met sy baie verleidinge en vyandelikhede kon aanhou sing? Dit is al dikwels bewys dat iemand wat nie meer met die koor gaan saamsing nie, in die geloof veragter en later 'n afvallige word.

Ons spreek ook elke Sondagmôre en -aand wanneer ons na die erediens stap of ry, 'n belydenis uit. Wanneer ons die erediens gaan bywoon, sien ons bure en die mense op die straat ons. Op een of ander tyd sal hulle wat ons gesien het, daaroor praat. Watter geweldige indruk maak dit nie as die erediens uitkom en die straat is vol mense en motors nie? Watter geweldige indruk maak dit nie as vyftig duisend mense na 'n voetbalwedstryd almal tegelyk op die straat verskyn nie? Sou dit nie 'n geweldige indruk maak as die strate elke Sondagmôre vol mense is wat die eredienste bygewoon het nie? As die goddeloses en die moedswillige wegblyers dit sien, sal hulle sê: "Ons stem nie met hierdie mense saam nie, maar ons bewonder hulle entoesiasme en hulle ootuigingsmoed. Dit is mense wat woord hou en met sulke mense kan jy iets doen."

- Ons woon die erediens by om gestig te word.
  Die woord stig, beteken om opgebou te word. In die Nuwe Testament word die woord ook in verband met die gemeente gebruik. In 1 Korintiërs 14:14 sê Paulus: "Die een wat in tale praat, bou net homself op, maar die een wat profeteer, bou die gemeente op." Die woord stig, beteken ook vergader, saamvoeg tot 'n eenheid. Nou sê Paulus dat die een wat profeteer die gemeente bou. Profeteer beteken om God se gedagtes oor die mense aan die mense bekend te maak. Die profeet het altyd gesê: So sê die Here. Hy bou die gemeente deurdat hy die gemeente verseker van God se liefde en genade; die gemeente oproep om hulle soos kinders van God te gedra en die gemeente vermaan om volgens al die gebooie van God te lewe en alles te vermy wat oneer en blaam op Christus en op die gemeente bring. Die ge-

meente word opgebou wanneer God se woord verkondig word en die gelowiges soos lewende stene in die gebou van God ingevoeg word. Die gemeente word heg saamgevoeg wanneer al die lidmate dieselfde heil bely en beleef.

Die gemeente kan net opgebou word as die geloof van elke lidmaat opgebou word, dit wil sê gevoed, gelaaf en versterk word. Ons weet almal dat die vertroue van die gelowige nie altyd ewe sterk is nie. Ons weet dat twyfel en wankelmoedigheid dikwels 'n plekkie in die hart vind. Dink maar aan Abraham, Petrus en Tomas. Die geloof het versterking nodig en dit vind die geloof in die erediens. Ons het geleer dat die geloof wat deur die Heilige Gees in die hart geplant is, deur die gepredikte woord en die gebruik van die sakramente gevoed, gelaaf en versterk word. Die geloof word soms uitgeput en dit bereik soms 'n laagtepunt, en daarom kan die geloof nie sonder gereelde voeding klaarkom nie.

Wanneer die gelowige die erediens bywoon, kom soek hy:

☐ Voeding.
Die gelowige woon die erediens nie net uit gewoonte by nie, maar omdat sy geloof honger het. Dit voel asof sy hart dor en dood is. Dit voel asof hy doodarm is. Wanneer hy in die erediens was, voel dit anders. In die erediens word sy hart gevoed en sy geloof versterk. In die erediens stroom die lewe in oorvloed na binne en waar die hart van vol is, loop die mond van oor. In die evangelie-verkondiging word die manna in goue kruike aangebied. Hy weet dat die woord wat verkondig word nie net 'n ewigheidswoord is nie, maar ook sielevoedsel. Sonder hierdie sielevoedsel kan sy geestelike lewe nie klaarkom nie.

Wanneer hy die nagmaalsviering bywoon, word sy hongerige en dorstige siel met die liggaam en bloed van Christus gespysig. Hy weet dat die brood en die wyn heenwys na die liggaam en bloed van Christus. Soos hy die brood en wyn met die liggaamlike mond eet en drink, so eet en drink hy aan die nagmaaltafel die liggaam en bloed van Christus met die geloofsmond, en soos die krag van die brood en wyn in sy gestel opge-

neem word, so word die krag van hierdie geestelike lewe sterk.

In die erediens en aan die nagmaaltafel stroom die lewe in oorvloed in die hart. Wanneer die gelowige uit die erediens kom en van die namaaltafel terugstap, is hy weer bly dat hy 'n kind van God is, dat hy die voorwerp van God se liefde is; dat hy God mag liefhê en God mag dien.

- ☐ In die erediens en aan die nagmaaltafel word ons op God gerig.

  As ons in die erediens en aan die nagmaaltafel was, besef ons weer goed dat ons voor die aangesig van God lewe en dan kry ons weer moed vir die lewe; dan wil ons weer soos 'n kind van God lewe, praat en doen. Dan beywer ons ons weer om volgens al God se gebooie te lewe en kom ons weer vir die belange van God en sy koninkryk op. Dan wil ons weer hoog, rein, edel en naby God lewe.

- ☐ Die mens wat die erediens en nagmaalsviering bygewoon het, se siel is weer versadig.

  Maar kan ons hierdie dinge nie ook buite die erediens kry nie? Ja, ons kan, want die werking van God se Woord is oral waar die Woord gelees en verkondig word, maar die amptelike verkondiging vind in die erediens plaas. Die erediens is die plek waar die Koning van al die konings sy volk ontmoet. Daar is God onsigbaar teenwoordig. Jesus verseker ons in Matteus 18:20 "... want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle." Jesus het elke keer aan sy dissipels verskyn waar hulle bymekaar was. Jesus het nie aan Tomas verskyn toe hy alleen in die donker strate van Jerusalem rongeloop het nie, maar wel toe hy saam met die ander dissipels was. In die erediens ontmoet God sy volk. Daar is die Here teenwoordig met al sy genade; daar is God teenwoordig as oorwinnaar oor die sonde en die dood. Vir die gelowige is die ontmoetingsplek altyd 'n belangrike plek.

  Laat ons die samekomste van die gemeente nie versuim nie. Wie dit doen, is nie net ongehoorsaam nie, maar hy ly onberekenbare skade.

HOOFSTUK 7

Die regte gesteldheid van die hart

Vroeër het ons gesê dat daar in die erediens 'n ontmoeting plaasvind. Dit is God, die Koning van al die konings, wat sy volk daar ontmoet. By daardie geleentheid vind daar ook 'n gesprek plaas. God praat met sy volk en die volk praat met sy God. God spreek tot sy volk woorde van genade; woorde wat vertel van sy ondeurgrondelike liefde vir sy volk en woorde van rus, van vrede en van die ewige lewe. Die volk praat ook met sy God. Hy bespreek sekere sake met God, vra vir God sekere dinge en loof, prys en dank God vir alle weldade ontvang.

Die erediens is dus 'n besondere belangrike aangeleentheid. Dit is van die allergrootste belang om alles met die Koning van alle konings te bespreek. Van die erediens gaan daar 'n besondere krag uit. Omdat die erediens so 'n belangrike samekoms is, is dit vanselfsprekend dat daar dinge is wat in daardie samekoms nie tuishoort nie en ander wat daar nie mag ontbreek nie.

In hierdie hoofstuk gaan ons die aandag op 'n paar dinge vestig wat in die erediens nie tuishoort nie.

- *Erediensbywoning uit gewoonte*

  Daar is mense wat die vaste gewoonte het om elke Sondag een of albei die eredienste by te woon. Vir hulle is dit 'n vanselfsprekendheid. Oor die noodsaaklikheid van gereelde erediensbywoning word nie geredeneer nie. Hulle volg Jesus na. Van Jesus lees ons in Lukas 4:16 dat Hy na die sinagoge gegaan het soos dit sy gewoonte was. Dit is 'n pragtige en beslis 'n navolgenswaardige gewoonte. In Hebreërs 10:25 word die mense wat die lelike gewoonte het om die eredienste nie gereeld by te woon nie, ernstig aangespreek.

  Nou hoor ons dikwels dat mense sê dat ons van die erediensbywoning nie 'n gewoonte moet maak nie. Hulle keur dit af. Volgens hulle moet die erediens net bygewoon word as daar 'n werklike behoefte in die hart is. Hulle sê dat

die mense wat die erediens uit gewoonte bywoon, dikwels in die erediens net sonde doen. Hulle wil dus met hierdie argument die indruk skep dat hulle baie bang is om sonde te doen. Dit is gewoonlik nie waar nie. Die mens wat so redeneer, vind in hierdie argument veeleer 'n gerieflike rede om sonder om skuldig te voel, van die erediens af weg te bly. Volgens Jesus en die Hebreërbrief is hierdie argument verkeerd. So 'n mens het eerder sy ore aan die Satan uitgeleen as om na Christus te luister. By daardie mens word die behoefte om die erediens gereeld by te woon altyd minder, totdat daar naderhand geen behoefte meer is nie. Hy kom dan nog net by besondere geleenthede in die erediens, soos wanneer 'n kind gedoop word of as sy kind belydenis van geloof aflê of as daar 'n biddag vir reën is.

Die vraag wat nou na vore kom is: Is die gewoonte om die eredienste gereeld by te woon werklik so verkeerd as wat daardie mense dit maak? Moet die gewoonte eenvoudig net afgekeur word? Weet daardie mense dan beter as Jesus? Is erediensbywoning uit gewoonte nie tog 'n goeie gebruik nie?

Aan die mense wat sê dat ons nie van erediensbywoning 'n gewoonte moet maak nie, wil ons sê dat dit nie 'n slegte gewoonte is nie. Hierdie gewoonte het tog ook 'n goeie kant. Baie van die mense wat die erediens uit gewoonte bywoon, doen dit:

- ☐ Omdat hulle hulle kinders van kleinsaf hierdie goeie gewoonte wil aanleer. Wie sal sê dat hulle verkeerd doen?
- ☐ Omdat hulle aan Christus gehoorsaam wil wees. As volgelinge van Jesus wil hulle ook in hierdie opsig vir Jesus navolg. Erediensbywoning is vir hulle 'n opdrag van Jesus.
- ☐ Omdat hulle deur so te doen 'n bepaalde styl aan hulle lewens wil gee. Deur dit te doen, wil hulle bewustelik bepaalde lyne trek. Daarmee wil hulle sê dat daar sekere dinge is wat die gelowige eenvoudig doen en ander wat hy nalaat. Daar is dus sekere "moets" en "moenies" waaroor nie geredeneer word nie en gereelde erediensbywoning is een van daardie "moets."
- ☐ Omdat dit die gelowige se plig is. Daarmee wil die

gelowige sê dat 'n mens in hierdie lewe nie net voorregte het nie, maar ook verantwoordelikhede en gereelde erediensbywoning is belis die plig van elke lidmaat. Toe hy belydenis van die geloof afgelê het, het hy sy erewoord gegee dat hy 'n lewende lidmaat sal wees. Een van die dinge waartoe hy hom verbind het, is om gereeld die eredienste by te woon en deur dit te doen, wil hy sy gegewe erewoord gestand doen.

Hy is ook teenoor die gemeente verplig om die erediens gereeld by te woon. As God, die Koning van al die konings kom om sy volk te ontmoet, is hy as lid van daardie volk tog verplig om teenwoordig te wees. Hy is ook as sondaar verplig om teenwoordig te wees en om voor die aangesig van God te verskyn. As daar nie wettige verhinderinge is nie, mag hy nie van die erediens wegbly nie.

- ☐ Omdat dit sy roeping is. Net soos 'n mens tot die heil geroep word, word hy ook tot die erediens geroep. Daar is dus 'n stem wat roep en hy hoor daardie stem elke Sondag as die kerkklokke lui; as hy die mense na die erediens sien stap of ry en ook as hy Sondagmôre nie na sy kantoor toe gaan nie.

Maar erediensbywoning uit gewoonte het ook 'n verkeerde kant. Ja, dit kan verkeerd wees. So is dit beslis verkeerd as ons gedagteloos na die erediens gaan; as ons die erediens bywoon om ons ouers of die predikant tevrede te stel of as daar geen honger in die hart is nie. Die mense wat die erediens om hierdie of ander dergelike redes bywoon se godsdiens is waardeloos; dit is vormgodsdiens; hy is maar net 'n saamloper; sy geloof word in die erediens nie gevoed, gelaaf en versterk nie. Hy verlaat die erediens net so honger as wat hy daarheen gekom het. Die erediens het alleen waarde as die hart werklik honger en dors na die Woord van God; as die siel opgetrek word na bo en as die hartsgesteldheid reg is. So nie bring die erediens geen verrukking nie; word die geloof nie gevoed nie en is die hart ook nie vol lof en dank vir God nie.

As die hartsgesteldheid verkeerd is, word die erediensbywoner tydens die erediens vaak en vind hy die erediens vervelig, of die gedagtes vlieg soos 'n voël oor die hele aarde rond. Dit gebeur wanneer die mens aan die weldade van God

so gewoond geraak het dat hy die heerlikheid daarvan nie meer raaksien en die waarde daarvan ook nie meer besef nie. Hy gaan soos 'n outomaat na die erediens en besef nie dat dit God is wat al die weldade aan hom gee en hom ook die geleentheid gee om elke Sondag daarvoor te kom dank nie. Sy godsdiens is waardeloos. Dit is 'n droewige gebeurtenis wanneer by die allerheiligste instelling van God, dorre vormgodsdiens die plek van ware godsdiens inneem. As daar geen heilige bewing, nog stille verwondering is vir die majesteit en goedheid van God wat van die heilige dinge afstraal nie, is alles tevergeefs. Laat dié wat met 'n verkeerde gesindheid die erediens bywoon die woord van Christus onthou:

"As julle tog maar koud of warm was! Maar nou, omdat julle lou is, nie warm en ook nie koud nie, gaan ek julle uit my mond uitspoeg" (Op 3:15 en 16).

Laat ons altyd bid dat die Heilige Gees van ons harte besit neem. Dit is alleen die Heilige Gees wat die verkeerde gesindheid uit die hart kan wegneem en die regte gesindheid daarin kan plant.

Erediensbywoning met allerlei vooroordele

Ons moet die erediens ook nie met allerlei vooroordele bywoon nie. Dit gebeur dat gemeente A 'n predikant het wat as 'n uitstekende prediker beskou word, terwyl gemeente B se predikant gemiddeld of selfs 'n onder-gemiddelde prediker is. Gemeente B se predikant het nie 'n boeiende voordrag nie; kan nie vry van sy manuskrip preek nie; is nie so wel ter tale nie en het ook nie so 'n sterk of strelende stem nie. Nou is daar lidmate wat met dit alles foutvind en daarom liewer gemeente A se eredienste gaan bywoon, of ook van die eredienste af wegbly. Aan daardie mense kan gesê word dat al die predikante nie ewe begaafd is nie, maar dat alle predikante gesante van God is, en daarom as sodanig gesien moet word; dat 'n mens jou nie teen die aanbieding moet blind staar en die inhoud vergeet nie; dat 'n mens nie die klem op die bysake moet lê en die hoofsaak, naamlik die Woord van God, uit die oog moet verloor nie. Die gemeente gaan tog nie na die diens om te hoor hoe die predikant die dinge sê nie, maar om God se Woord te hoor.

Al hierdie besware mag waar wees, maar dit val alles weg as die hoorder 'n werklike begeerte in die hart het om God se Woord te hoor en saam met die gemeente God te loof, te prys en te dank vir al sy weldade. Die predikant kan alles in sy vermoë doen, maar as die gesteldheid van die hart van die luisteraar verkeerd is, vir die Woord van God gesluit is en die gemoed nie ontvanklik is nie, sal die hartsnare nie geroer word nie. Dit is waar dat die predikant alles in sy vermoë moet doen om die erediensbywoning vir die hoorders aangenaam te maak en om hulle nie na die erediens honger te laat weggaan nie, maar die hoorder moet ook nie met alles foutvind nie. As die hoorder met allerlei vooroordele en oorkrities in die erediens sit, lê die fout dikwels nie by die prediker nie, maar by die hoorder.

Van Jesus lees ons dat Hy die goddelose Kajafas as hoëpriester erken het en dat Hy sy dissipels en volgelinge nie teen Kajafas opgemaak het nie, maar aan hulle gesê het: "Die skrifgeleerdes en Fariseërs het die gesag om die wet van Moses te vertolk. Julle moet alles doen en onderhou wat hulle vir julle sê, maar hulle voorbeeld moet julle nie navolg nie, want hulle doen self nie wat hulle sê nie" (Matt 23:2 en 3). Toe Paulus voor die Joodse raad gestaan het, het hy die hoëpriester met die gepaste agting behandel. Met hierdie uitsprake wil Jesus en Paulus ons leer dat ons die groepe ampsdraers as sodanig moet erken, selfs al sou hulle hulle ampstaak nie so goed verrig nie.

Ons mag nooit van die erediens af wegbly omdat ons nie van die predikant hou nie of omdat sy voordrag nie so boeiend is nie. As daar tog besware teen die prediking is, kan en moet die beswaarde dit op 'n verstandige en verantwoordelike en broederlike wyse met die predikant gaan bespreek. As dit gedoen word, sal die beswaardes en die predikant mekaar beter verstaan en waardeer en dan sal die erediens weer die regte waarde hê.

Eerbied

Ons moet altyd onthou dat wanneer ons in die erediens is, ons in die teenwoordigheid van God is. Die Here het ons dit belowe. In Matteus 18:20 lees ons: "... want waar twee of drie in my Naam is, daar is ek Ek by hulle". Dit beteken dat God in

die erediens teenwoordig is. Maar God is nie net in die erediens teenwoordig nie, God is oral teenwoordig. Tereg sing die gemeente:

"Op berge en in dale,
en oral is my God;
waar ons ook telkemale
mag swerwe, daar is God" (Gesang 7:1).

Net soos op die ander plekke, is God onsigbaar teenwoordig. Ons sien Hom nie en ons kan ook nie aan Hom vat nie. Maar hierdie teenwoordigheid is nie 'n minder werklike teenwoordigheid nie. God is in die erediens net so werklik teenwoordig as wat ons daar teenwoordig is en net soos die brood en wyn op die nagmaalstafel teenwoordig is. Dit is hierdie werklike teenwoordigheid van God wat die erediens so belangrik maak.

Nou moet ons altyd onthou dat God nie ons goeie ou maat is nie. God is ook nie ons bekende familielid van wie ons alles weet nie, maar God is die God in die hoë, die heilige, die gans andere, die Koning van al die konings. Wie maak asof God sy goeie ou maat is, toon daarmee dat Hy van God niks weet nie. Tussen God en die mens is daar 'n groot afstand en ons moet nie probeer om die afstand uit te wis nie. God se majesteit is so 'n ontsaglike afgrond. As ons daarin kyk word ons duiselig. Van ewigheid tot ewigheid, wie kan dit begryp? Hy wat in die begin was, toe daar nog niks was nie en deur wie se wil alles ontstaan het, wat ontstaan het – wie kan daarvan 'n begrip vorm? Die gedagtes aan die majesteit van God maak dat ons klein en nietig voel. Dan besef ons dat ons stof is.

Wanneer ons in die teenwoordigheid van hierdie hoë God en Koning van al die konings staan, is daar sekere dinge wat daar nie pas nie en sekere dinge wat nie mag ontbreek nie. Wat pas nie in die teenwoordigheid van God nie? Ons gaan net 'n paar dinge noem.

- Sondige liggaamshouding. Wie van ons sal slordig staan of sit of praat wanneer ons in die teenwoordigheid van die staatspresident is? Niemand nie! Net so mag ons liggaamshouding ook nie slordig wees as ons in die teenwoordigheid van God is nie. In die teenwoordigheid van God moet alles netjies en waardig wees. Natuurlik, want die

liggaamshouding is dikwels 'n aanduiding van die gesteldheid van die hart. Ons liggaamshouding is mos anders wanneer ons hart bly is as wanneer die hart vol droefheid is. Wanneer die hart vol geluk is, is die liggaamshouding anders as wanneer ons onder 'n swaar skuldlas gebuk gaan. Net so moet ons liggaamshouding ook anders wees wanneer ons in die teenwoordigheid van God staan as wanneer ons voor ons ou maat staan. In die teenwoordigheid van God moet ons liggaamshouding getuig van eerbied, respek, ontsag en hoogagting. In die erediens moet ons nie slordig staan wanneer ons sing of bid nie (en ook nie onder die prediking gedagteloos wees nie).

- Ons optrede in die erediens moet nie van familiariteit getuig nie. Ons moet altyd onthou dat God die God in die hoë is en ons mense hier op die aarde is. God is die heilige en ons die sondige. God is die Skepper en ons die skepsels. Daarom moet ons hele optrede altyd getuig van eerbied en hoogagting. Toe Abraham in belang van Sodom en Gomorra in God se teenwoordigheid gestaan het, het hy homself as onwaardig beskou en gesê: "Kyk tog, ek het dit gewaag om met die Here te spreek, alhoewel ek stof en as is" (Gen 18:27). Ons dink ook aan Jesaja (6:5). Toe God hom tot profeet geroep het, het hy gesê: "Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die Here van die leërskare, gesien!" Wanneer 'n sondige mens voor die heilige God staan, volg daar noodwendig die besef van nietigheid en sondigheid en daardie mens weet dat hy sonder die genade van God verlore is.
- Wanneer ons met God praat, moet ons nie platvloers word nie. In ons sang en gebed, in ons lofprysing en danksegging mag daar niks wees wat van oppervlakkigheid en ligsinnigheid getuig nie. Daarom het die opstellers van die Psalm - en Gesangboek so sorgvuldig en noukeurig te werk gegaan toe hulle die woorde en melodieë gekies het. Ons merk dieselfde sorgvuldigheid en noukeurigheid in die Afrikaanse Bybelvertaling. Alles wat die indruk van platvloersheid kan wek, is vermy. Alles moet getuig van respek, eerbied, ontsag en hoogagting. Alle gegiggel, gelag en gepraat in die erediens word afgekeur. Die atmosfeer

moet nie bederf word nie, en die aandag van die erediensbywoner moet nie van die prediking afgetrek word nie. Alles wat ons in die erediens sê en doen moet pas by die hoë Besoeker wat in ons midde is.

- Die optrede mag nie getuig van gemaksug en luiheid nie. Wie so in die erediens sit, sal dit vervelig vind en sal ook gou slaperig word. Vir hom sal die erediens geen waarde hê nie. Sy siel word nie opgetrek na bo nie; die erediens bring vir hom geen verrukking nie; sy geloof word ook nie gevoed nie en hy gaan net so honger uit die erediens as wat hy daar ingekom het.
- Ons moet ook nie gedagteloos in die erediens sit nie. Dit beteken dat ons ons gedagtes nie soos 'n voël oor die hele aarde moet laat vlieg nie. Ons volle aandag moet by die verkondiging wees. Ons moet elke woord wat in die erediens gespreek word, hoor en in die hart opneem. Dit moet sorgvuldig in die hart bewaar word. In die erediens stel ons ons onder die Woord. Ons moet aandagtig luister, want ons moet toets en seker maak dat die woord wat verkondig word, werklik in ooreenstemming met die Woord van God is. Ons moet dus seker maak dat die voedsel wat aangebied word nie giftig is nie. So het die mense van Berea die Skrif noukeurig nagegaan en vasgestel dat Paulus se prediking in ooreenstemming met die Woord van God is. Daaroor is hulle geprys.
- In die erediens mag ons nie passief wees nie, maar aktief. Die mens wat werklik luister, is aktief. Hy soek; hy span hom in. Om waarlik te luister, is een van die hoogste vorms van aktiwiteit. Oor die algemeen is passiwiteit en slaperigheid in die erediens 'n vreeslike sonde, want dan wil die mens hom nie onder die Woord van God stel nie. Hy wil nie luister as hy hom nie wil inspan nie. Wie in die erediens slaap, verag die genadegawes wat God gegee het en versmaai die geleentheid om met God te verkeer.

  Belangriker as die uiterlike liggaamshouding, is die innerlike, die gesteldheid van die hart. As die hart verkeerd is, is alles waardeloos. As die regte eerbied, ontsag, respek en hoogagting vir die Here ontbreek, is alles tevergeefs. Jakobus sê dat die twyfelaar niks ontvang nie (1:6). Die mens wie se hart vir die Woord van God gesluit is en wie se

gemoed ontoeganklik is en in wie se hart die eie "ek" op die troon sit, ontvang in die erediens niks. Die hart wat egter vol vertroue, kinderlike opregtheid en ware vrese vir die Here is, weet dat hy 'n vrygekoopte is en daarom sal hy voel om God te loof, te prys en te dank vir die gawe van sy Seun; vir die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees; vir die evangelie wat hom 'n helder blik op die ontferminge van God gegee het; vir elke elimbron en hulpbetoning op die pelgrimstog; vir elke leed en swaar kruis wat hom nader aan Jesus Christus gebring het; vir die vergewing van sonde, vir die ewige lewe en vir die hemel waar hy die ewigheid kan deurbring.

Die mens in wie se hart die ware eerbied, respek en hoogagting en vrese vir die Here woon, is nie vir die Here bang nie; hy vlug nie en kruip nie vir die Here weg nie, maar hy besef dat hy in die teenwoordigheid van die hoë God staan en sy hele houding sal daarvan getuig. Hy sal sy volkome afhanklikheid van en onderworpenheid aan God erken. Wie so in die erediens is, se siel word gevoed en versterk.

Die prediker

Net soos in die geval van die luisteraar, is daar by die prediker ook dinge wat hy nie mag doen nie en ander wat hy moet doen. Die prediker moet alles in sy vermoë doen om die erediens vir die luisteraars aangenaam te maak.

- Die prediker moet nie dat die luisteraars die erediens honger verlaat nie. Die prediker word die "dienaar van die Woord" genoem (Hand 6:4). Hy word ook die "tafelbediende van die evangelie" (Ef 3:7; Kol 1:23) en "van die Nuwe Testament" (2 Kor 3:6) genoem en sy bediening is die "bediening van die versoening" (2 Kor 5:19). Die bedoeling is dat die prediker die kragtige en onvervalste voedsel moet bedien. Hierdie voedsel is die evangelie (Ef 3:7; Kol 1:23). Die prediker is dus die tafelbediende van God. Sy taak is dan om die voedsel wat God voorberei het netjies en keurig aan God se gaste voor te sit. Verder moet hy ook toesien dat die kos wat voorgesit word nie vol gif is nie. Dit is slegs moontlik wanneer die prediker goed voorberei is vir die

erediens. Die prediker mag nooit onvoorbereid of halfvoorbereid na die erediens gaan nie. As hy dit doen, doen hy net skade. Hy moet genoeg tyd in sy studeerkamer deurbring en sy plig biddend en werkend doen. Die kerkraad moet sorg dat die prediker nie met allerlei takies oorlaai word, wat sal meebring dat hy te min tyd vir deeglike voorbereiding het nie.

- Die prediker moet onthou dat die gemeente nie na die erediens gekom het om na ingewikkelde, filosofiese redevoerings of moeilike, dogmatiese voordragte of politieke toesprake te luister nie. Die gemeente het ook nie na die erediens gekom om te hoor hoe die prediker moeilike teologiese verskilpunte oplos of hoe hy die gevoel van die gehoor kan opsweep nie. Hulle het na die erediens gekom om na die Woord van God te luister en voedsel vir die hongerige en dorstige siele te vind. Hierdie voedsel word in die evangelie gevind; dit is die liggaam en bloed van Jesus Christus. Jesus het mos gesê: "Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie." Die prediker moet dus vir Jesus Christus verkondig. Hy is die voedsel wat bedien moet word. Hy is die manna wat uit die hemel gekom het.
- Die prediker moet in die erediens ook nie pleidooie vir sosiale arbeid, barmhartigheidsdiens, of vir die bevordering van een of ander kultuursaak lewer nie. Hierdie dinge is vir die gemeentelike lewe belangrik. Die gemeente mag nooit die gemeenskap van die heiliges vergeet of die barmhartigheidsdiens agterweë laat bly en die gesonde sosiale omgang van die lidmate ignoreer nie. Hierdie dinge is vir die gemeentelike lewe baie belangrik en noodsaaklik, maar dit is net belangrik en noodsaaklik in sover dit vorms van die groot opdrag, naamlik die evangelieverkondiging is. Die prediker moet in elke preek Jesus Christus verkondig. Hy is die Immanuel, God met die sondaars. Jesus Christus is die enigste volkome en genoegsame Verlosser. Hy het die volle losprys betaal. Ons kan niks byvoeg nie. Sonder Jesus is daar geen verlossing nie en sonder Jesus is daar ook geen hemel van heerlikheid wat wag nie.
- Die prediker moet in die erediens ook nie 'n lesing hou nie,

want so gee hy sy eie insigte en belewenisse. Nee, die prediker moet 'n preek lewer, dit wil sê, hy moet die Woord van God verkondig. Die prediker is niks meer as 'n boodskapper nie. Hy is 'n gesant van God en moet eintlik maar net aan die gemeente sê: "So sê die Here."

Dit beteken dat die prediker baie aandagtig na God moet luister. Hy moet elke woord wat God aan hom sê, goed hoor. Dit is baie belangrik, want as hy nie goed gehoor het nie of as hy nie alles gehoor het nie, bestaan die moontlikheid dat hy 'n verkeerde boodskap of 'n halwe waarheid verkondig en dit kan rampspoedige gevolge hê. Die prediker mag dus ook nie iets byvoeg of weglaat van wat hy gehoor het nie. Hy met die boodskap net so oordra.

- Die prediker moet nie met nuwe openbaringe kom nie. God het alles wat Hy aan die mense wou sê, in sy Woord gesê. Die *Nederlandse Geloofsbelydenis* sê dit goed: "Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat en dat alles wat die mens moet glo om gered te word, daarin genoegsaam geleer word" (Art 8). In die Bybel het ons dus alles wat nodig is om:
  - ☐ God en sy wil te leer ken;
  - ☐ onsself te leer ken soos ons as sondaars voor God staan;
  - ☐ om die verlossing uit die sonde en God se ewige heil te leer ken.
- In die Bybel het ons alles wat ons nodig het. Die Bybel het geen aanvulling nodig nie. Geen ander woord kan met die Bybel gelykgestel word nie.

Dit beteken dat die prediker gebonde is. Hy is gebind aan die Woord wat vlees geword het en daarom aan die getuienis van die Bybel. Die Nuwe-Testamentiese prediker mag nooit vra wat vir hierdie persoon mooi is of hoe daardie persoon dit wil hê nie, maar hy moet altyd vra: Wat sê die Bybel? Die prediker is dus nie prediker as gevolg van sy besondere begaafdheid nie, maar omdat hy gesant, gestuurde van God is. Sy taak is om God se Woord te verkondig. Die prediking moet dus bediening van die Woord wees. Dit wil sê die Skrifte moet vir die gemeente oopgemaak en toegepas word. Nie enige vroom praatjie of geleerde betoog of aandoenlike betuiging is 'n preek nie. Om te preek is om God se Woord te laat spreek. Om te preek is

om te sê: "So sê die Here." Dan alleen het dit krag en gesag. In die prediking word die hoorders met Christus gekonfronteer en Hy dwing die hoorder tot 'n beslissing vir of teen Hom.

As die prediker goed gepreek het en die luisteraar goed geluister het, kan die vrugte nie uitbly nie. Dit is vandag nog so. Die goeie vrugte ontbreek aan sy menige lewensboom, omdat die prediker nie goed gepreek het of die luisteraar nie goed geluister het nie. Mag God ons van hierdie dinge behoed!

HOOFSTUK 8

Voorbereiding vir die erediens

Dit behoort vir elkeen duidelik te wees dat dit nie genoeg is as die liggaamshouding en gesteldheid van die prediker en luisteraar reg is nie. Dit is ook nie genoeg as die prediker goed voorbereid na die erediens kom nie. Die luisteraar moet ook goed voorbereid wees.

Deeglike voorbereiding vir die erediens is absoluut noodsaaklik. Kyk maar hoe twee boksers voorberei voordat hulle mekaar in die bokskryt ontmoet. Kyk maar hoe die ouers alle voorbereidings tref vir die huweliksbevestiging van hulle dogter! Veronderstel u word uitgenooi na die tuinparty van die staatspresident, dan sal u mos deeglik daarvoor voorberei. Sal u nie deeglik voorberei vir die ontmoeting van die Koning van al die konings nie? Hierdie ontmoeting is 'n besondere voorreg. Dit is 'n voorreg wat sy gelyke nie het nie. Dit is 'n vreugdesoomblik, 'n ware feesgeleentheid. Alles moet dan ook gedoen word om hierdie voorreg tot sy volle reg te laat kom. Nou moet ons nie sê dat deeglike voorbereiding vir hierdie ontmoeting onnodig is nie, want die gelowige moet elke oomblik gereed wees om die Koning te ontmoet. Die gelowige verkeer mos altyd en oral in die teenwoordigheid van God. Soos Henog wandel hy elke dag met God. Dit is alles waar, maar ons moet onthou dat God ons na die erediens roep omdat Hy daar besondere seëninge aan ons wil gee (vgl 1 Kor 14:20–40).

Die vraag wat nou na vore kom is: Waarin bestaan die voorbereiding? Die voorbereiding bestaan daarin dat ons gedurende die week alles wat kan verhinder dat die erediens vir ons 'n vrugbare erediens sal wees, uit die weg moet ruim. Die duiwel is elke dag besig om vir ons struikelblokke in die weg te lê. Hy doen alles in sy vermoë om ons Sondag van die erediens af weg te hou; hy fluister in ons ore dat ons van erediensbywoning nooit 'n gewoonte moet maak nie; dat die mense wat die eredienste gereeld bywoon maar net gesien wil wees; dat dit net die skynheiliges is wat die eredienste gereeld

bywoon; dat ons teenwoordigheid Sondag op die plot of plaas meer nodig is as in die erediens. Vir 'n ander een sê Satan dat hy na liggaam en siel meer behoefte het aan die ontspanning by die viswater as aan die prediking van God se Woord. Die duiwel en sy handlangers het mos in Jesus se tyd al alles in hulle vermoë gedoen om Hom teen te staan. Hulle het selfs Bybelse argumente gebruik (vgl die versoeking op die berg). Die apostel Petrus het geweet dat die Satan elke dag nog daarmee besig is, daarom roep hy die gelowige toe: "Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. Bly standvastig in die geloof en staan hom teë." Die gelowige moet dus nie net sy ore vir die influisteringe van die duiwel toemaak nie, maar ook die rug op die duiwel draai. Die gelowige moet hom met alle mag teen die duiwel en sy handlangers verset. Hy moet hom verset teen die lelike gewoonte om oor allerlei onbenullige redes van die eredienste af weg te bly, en ook om net een erediens op 'n Sondag by te woon. Die regte is om, indien enigsins moontlik, albei die eredienste by te woon. Die gelowige moet ook alles in sy vermoë doen om die nagmaalsvieringe by te woon. Die mens wie se verhouding tot Christus reg is, sal uit sy pad gaan om die eredienste en nagmaalsvieringe by te woon. Die mens wat met 'n sterk band van liefde aan Christus verbind is, se hart sal smag na die voorhowe van die Here. Vir hom sal elke erediens vreugde verskaf. Die mens wat beswaar het om die eredienste gereeld by te woon of dit onnodig vind, moet kyk of daar nie miskien iets met sy verhouding tot Christus verkeerd is nie.

Die mens wie se verhouding tot Christus reg is, sal gedurende die week sorg dat alles vir Sondag se erediensbywoning in orde is. Die vrou sal sorg dat die klere reg lê en die ete gereël is en die man sal sorg dat al die werk gedoen is en dat die kalf nie in die put is nie. Hy sal Sondagoggend ook nie tot die laaste minuut in die bed lê, haastig opstaan en klaarmaak, vinnig na die kerk ry of stap en half uitasem of natgesweet sy sitplek gaan inneem nie.

Nou moet ons nie sê dat die bogenoemde dinge nietighede is nie. Dit mag vir sommige mense na nietighede lyk, maar die duiwel gebruik dikwels nietighede om ons van die erediens af weg te hou of om die erediens vir ons waardeloos te maak. Die

KITAL

ware gelowige sal sorg dat alles vir die erediensbywoning gereed en gereël is.

Daarmee is die voorbereiding nog nie voltooi nie. As dit Sondagoggend is, word die voorbereiding nog intenser. Die nagmaalsformulier sê dat ons vir 'n vrugbare nagmaalsviering onsself te vore deeglik moet ondersoek. Hierdie deeglike self-ondersoek kan ons in vier punte saamvat: Ons moet naamlik kyk of ons werklik 'n mishae in onsself het vanweë die sonde; dit wil sê ons moet kyk of ons werklik vir onsself vies voel omdat ons ons so besmeer met die modder van die sonde; of ons ons werklik voor God wil verootmoedig, dit wil sê of ons werklik ons toevlug na God wil neem, ons skuld voor God wil erken en bely; of ons die gewisse beloftes van God oor sonde-vergiffenis en ewige lewe werklik glo en of ons werklik die begeerte het om voortaan ware dankbaarheid jeens God te bewys en opreg voor sy aangesig wil lewe. Die nagmaalsformulier vat hierdie deeglike selfondersoek in drie woorde saam, naamlik sonde, verlossing en dankbaarheid. As hierdie drie dinge in ons harte ontbreek, sal die nagmaalsviering vir ons nie 'n vrugbare een wees nie.

Dit is ook waar van die gewone erediens. As hierdie drie dinge in die hart ontbreek, is die hart se gesteldheid verkeerd en dan sal die erediens vir ons waardeloos wees. Vir 'n vrugbare erediens moet ons eers iets van die ware karakter van die sonde raakgesien het en ons sondes eerlik voor God gaan bely. 'n Mens wat nog nie vir die sonde geskrik het of nog nie gemerk het dat die sonde niks anders as opstand, verset, rebellie en selfhandhawing teen God is nie, ken die sonde nog nie en vir hom sal die erediens waardeloos wees. 'n Mens wat nog nie gesien het dat die sonde niks anders as vertrapping van God se liefde, die belediging van God se Vaderhart en skending van die hoogste hemelse, goddelike reg is nie, sal nie 'n mishae in homself hê nie. Hy sal nie weet dat die sonde net skend, vermink, verwoes en uitmekaar dryf waar hy kom nie; hy sal daarom nie na 'n Verlosser soek nie.

Die ware skuldbesef laat die mens 'n mishae in homself kry. Die Bybel vertel dat Dawid na sy swaar misdryf, gevas het en uitgestrek op die grond gelê het (2 Sam 12:16); van die boetvaardige sondares word gesê dat sy Jesus se voete met haar trane gewas en met haar hare afgedroog het (Luk 7:38); dat

Petrus na die verloëning na buite gegaan het en bitterlik gehuil het (Luk 22:68). Ons vind in die Bybel ook die roerende skuldbelydenisse van Esra, Nehemia, Jeremia en Daniël. Ons vind ook die skuldbelydenis van die verlore seun: "Pa, ek het teen God en teen pa gesondig! Ek is nie meer werd om pa se seun genoem te word nie." Hierdie seun het homself nie probeer regverdig nie; hy het ook nie vertel hoe sy eertydse vriende en bure hom bedrieg het nie, maar hy het sy skuld eerlik bely.

Op sulke skuldbelydenisse volg altyd skuldvergewing. Dit het die verlore seun ondervind. Op sy skuldbelydenis het sy pa geantwoord: "Maak gou! Bring klere, die beste, en trek dit vir hom aan; sit vir hom 'n ring aan sy vinger en trek vir hom skoene aan! En bring die vetgemaakte kalf, slag hom, en laat ons eet en feesvier! Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ek het hom teruggekry" (Luk 15:21–24). Dit was ook die ervaring van die kwaaddoener aan die kruis. Op sy skuldbelydenis het die antwoord gevolg: "Ek verseker jou. Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." Sonder skuldbelydenis is daar geen vergifnis nie en sonder vergifnis is daar nie 'n hemel van heerlikheid wat vir ons wag nie.

Die deeglike ondersoek gaan nog verder. Ons moet ook kyk of ons die beloftes van God werklik glo. Watter beloftes? Die vergewing van sondes, die ewige lewe en die hemel van heerlikheid wat wag op elke mens wat sy toevlug na Jesus Christus neem. Die geloof wat nodig is, is iets anders as om maar net die dinge wat in die Bybel opgeskryf is as waarheid te erken. Dit is moontlik om die hele Bybel as waarheid aan te neem, dit wil sê om te weet dat alles wat daar geskryf is werklik gebeur het, en tog nie te glo nie. Geloof is ook iets anders as vroomheid of Christelikheid. Ek kan 'n lewe lei wat volgens die voorskrifte van die Bybel ingerig is, byvoorbeeld om die eredienste gereeld by te woon en elke aand te bid, die Bybel gereeld te lees, psalms te sing en tog nie glo nie. Geloof is ook iets anders as deug en geloof is ook nie 'n prestasie van die mens nie. Geloof is 'n gawe van God. Dat ons glo, is die vrug van die feit dat God sy hand na ons toe uitgesteek het.

Die geloof wat nodig is, is vertroue. Ons moet dus kyk of ons God werklik vertrou; of ons God werklik op sy Woord

neem en werklik bereid is om onsself onvoorwaardelik aan God oor te gee. By die ware geloof staan vertroue en sekerheid altyd op die voorgrond. Dit sien ons by Abraham. Toe God aan hom die opdrag gegee het om vir Isak te gaan offer, het hy nie soos Elia in moedeloosheid uitgeroep: "Laat ek liewer sterwe, maar spaar my kind aan wie soveel beloftes verbind is!" Hy het nie soos Jona gevlug en ook nie die opdrag geïgnoreer nie, maar hy het onmiddellik gereed gemaak en gegaan. Hy het aan homself gesê dat God eerder vir Isak uit die dood sal laat opstaan as dat Hy één van sy beloftes onvervuld sal laat verbygaan. Die ware geloof twyfel nie en werk ook nie met moontlikhede nie. Die ware geloof ken nie die woord "miskien" nie; die ware geloof is seker. Die mens wat waarlik in Jesus Christus glo, is volkome seker dat al sy sondes om Christus ontwil vergewe is; dat hy 'n verloste hemeling is. Hy is seker dat Christus se geregtigheid en heiligheid vir hom toegereken en geskenk is. Hy lewe die hemel tegemoet en dít nie omdat sy geloof so onwankelbaar is of omdat hy dit verdien nie, maar omdat God 'n waarmaker van sy Woord is. Die ware gelowige sing uit volle bors:

"Verlosser, Vriend, ons Hoof en Heer,
neem aan die onvolmaakte lied
U deur 'n sterfling aangebied –
'n sondaar wat hom tot U keer,
'n sondaar wat verlos is, Heer:
in U geen sondaar meer!" (Gesang 236:1).

By die selfondersoek moet ons seker maak dat ons geloof in Christus veranker is, want as dit nie so is nie, is al ons godsdiens waardeloos. Ons moet seker maak dat ons met 'n sterk liefdesband aan Christus gebind is, anders stuur ons met al ons godsdiens op 'n ramp af. Dan sal die kanaal tussen ons en Christus oop wees en kan die genade en geluk, die liefde en lewe wat in Christus is, in ons hart uitgestort word. By geleentheid het die opgestane Heiland aan Petrus gevra: "Simon, seun van Johannes, het jy My baie lief?" Daarop het Petrus nie eers gaan sit en bereken wat vir hom die voordeligste sal wees nie; hy het ook nie gaan kyk of sy geloof in Christus onwankelbaar is nie, maar hy het na die stem van sy hart geluister en al het sy woorde, dade en lewe soms anders

gesê as sy hart, het hy tog uitgeroep: "Ja Here, U weet dat ek U liefhet" (Joh 21:16 en 17).

Die mens wat waarlik in Christus glo, is ten volle oortuig dat al God se beloftes feite is wat nie weggelag of weggepraat kan word nie. Hy weet dat God 'n waarmaker van sy Woord is en 'n vervuller van sy beloftes. Hy weet dat die berge kan wankel en die heuwels mag wyk, maar dat God se beloftes vervul sal word. Hy weet ook dat daardie beloftes van God nie net vir die geloofshelde soos Abraham, Dawid, Johannes en Paulus nie, maar ook vir elke mens wat Christus as Verlosser en Saligmaker met albei die geloofshande vasgryp en vertrou, vervul sal word.

Die deeglike ondersoek gaan nog verder. Ons moet ook kyk of ons die vaste voorneme het om van nou af waaragtige dankbaarheid jeens God te bewys en opreg voor sy aangesig te lewe. Dit is nie genoeg dat ons maar net met sekere lelike sondes moet breek of net die rug op Satan moet draai nie – ons moet onsself as 'n dankoffer aan God toewy. Dit beteken dat ons ons onvoorwaardelik tot God se beskikking moet stel, in volkome gehoorsaamheid aan God moet buig en elke dag hoog, rein, edel en naby God moet lewe. Ons moet kyk of die begeerte van die Psalmdigter ook in ons harte woon, naamlik:

"Wat kan 'k die Heer vir al sy guns vergeld?
Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?"
As hierdie begeerte in ons harte woon, moet ons saam met die digter sing, naamlik:
"Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade
en by die kelk van heil sy Naam vermeld" (Psalm 116:7).

Die mens wie se hart vol dankbaarheid is, kan nie swyg nie. Hy kan nie passief wees nie. Daarom is dit onmoontlik om as 'n daadlose toeskouer in die kerk te wees. In die skouburg en bioskope kan ons toeskouers wees en kyk wat daar op die verhoog of op die doek gebeur. In die kerk is dit onmoontlik, want ons is betrokke by wat daar gebeur. Elke mens wat vergifnis ontvang het, sal bly wees en betrokke wees. Hy sal ook uitgaan en elke ander mens wat onder 'n swaar skuldelas gebuk gaan, van Jesus vertel wat die skuldelas van die skouers kan en wil wegneem. Die mens wat vergifnis ontvang het, sal ook elke Sondag saam met die gemeente met 'n groot stem

kom loof en dank vir die verlossing. Hy sal nie maak soos die nege melaatses wat gereinig is nie. Van hulle lees ons dat hulle na die reiniging nie kom dankie sê het nie. Net die een gereinigde het kom dankie sê. Ek glo dat hy ook nie net daardie een keer gekom het nie, maar telkens. Daardie een keer was ook nie die end van sy dankbaarheidslewe nie, maar wel die begin. Die mens wat verlossing gevind het, sal nie swyg nie, maar hy sal sy vreugde en dankbaarheid uitjubel.

Hy sal elke geleentheid aangryp om ander na Jesus te bring.

Die verloste mens gee nie net in woorde aan sy dankbaarheid uiting nie, maar hy gaan sy dankbaarheid in dade omsit. Ons lees van die gereinigde melaatse dat hy teruggekom het en aan die voete van Jesus neergeval het. So het hy met die daad verklaar dat hy Jesus op sy Woord neem; Hom volkome vertrou en dat hy voortaan volgens al die gebooie van God gaan lewe.

Die verloste mens weet dat sy dankbaarheid nie 'n vergoeding aan Christus is, omdat hy Christus nie vir die verlossing kan vergoed nie. Hy wil dit ook nie doen nie. Al wat hy wil doen, is om die hart van sy weldoener bly en gelukkig te maak. Hy sal geen geleentheid om dit te doen onbenut laat verbygaan nie. Daarom sal hy die eredienste gereeld bywoon.

HOOFSTUK 9

Die week na Sondag

Verlede Sondag het ons een of albei die eredienste bygewoon. Ons harte was oop en ons gemoedere ontvanklik vir die Woord van God. Soos Maria het ons elke woord ingeneem, in die hart bewaar en wil ons ernstig daaroor nadink (Luk 2:19).

Nou is dit weer Maandag. Almal wat gister die eredienste bygewoon het, is weer op kantoor of elders besig om hulle dagtaak te verrig. Die vraag wat nou na vore kom is: Oefen die Woord wat ons gister gehoor het invloed op ons daaglikse lewe uit? Kan dit aan ons houding teenoor God, ons medemens en ons werk gesien word dat die gepredikte woord invloed uitoefen op ons optrede, of praat en doen ons maar soos die wêreldlinge?

Dit is seker nie te veel gesê as ons sê dat ons wat Sondag die eredienste bygewoon het, gelowige mense is nie. Die ongelowige sal die eredienste nie bywoon nie. Ons gaan dus van die standpunt uit dat die mense wat die eredienste bygewoon het, nie meer willose slawe van die sonde en gehoorsame diensknegte van die Satan is nie. Hulle is gelowige mense, volgelinge van Jesus Christus en dus mense wat kos vir hulle hongerige en dorstige siele kom soek het. In Johannes 15:15 noem Jesus die mense wat deur 'n opregte geloof in Hom ingelyf is en Hom dus liefhet, ook sy vriende. In Johannes 15:14 sê Jesus: "Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel." 'n Vriend van Jesus is dus iemand wat vir Jesus liefhet en elke oomblik aan Hom gehoorsaam is. Verder sê Jesus dat die ware gelowige nie sy vriend is omdat hy vir Jesus as vriend gekies en in sy vriendekring opgeneem het nie, maar omdat Jesus hom in sý vriendekring opgeneem het. Tussen Jesus en sy vriend is daar dus 'n besondere verhouding, 'n ware vriendskapsverhouding, 'n liefdesverhouding. Die vriend van Jesus wil dan ook nie net so af en toe in Jesus se teenwoordigheid wees nie, maar altyd en oral. Hy wil ook nie net so nou en dan die dinge doen waarmee hy sy vriend se hart bly en gelukkig maak nie, maar hy wil altyd en oral sy

vriend se eer verhoog. Hy sal elke ding waarmee hy oneer en blaam op sy vriend kan bring en elke daad of woord vermy waarmee hy die goeie verhouding tussen hom en Jesus kan versteur. Met graagte wil hy die dinge doen wat Jesus hom beveel en die dinge nalaat wat Jesus hom verbied. Dit beteken dat hy nie net op Sondag 'n vriend van Jesus wil wees en gedurende die week 'n vriend van die wêreld nie. Hy doen ook nie net op Sondag die dinge wat Jesus hom beveel en gedurende die week die dinge wat hy wil nie. Hy wil ook nie net die opdragte uitvoer wat lekker is of wat vir hom materiële voordeel bring en dié wat moeilik is en van hom offers vra, nalaat nie – hy wil alle opdragte uitvoer.

Iemand wat vir Jesus werklik liefhet, wil elke dag en in alles aan Jesus gehoorsaam wees wanneer Jesus groot offers van hom vra. So 'n vriend was Abraham. Toe God aan hom die opdrag gegee het om vir Isak te gaan offer, het hy nie soos Jona gevlug of die opdrag geïgnoreer nie, maar hy het dadelik gereed gemaak om dit te gaan doen. Die mens wat vir Jesus waarlik liefhet, sal ook gehoorsaam wees as Jesus vir hom opdrag gee om sy vyande lief te hê, dié te seën wat hom vervloek, goed te doen aan dié wat hom haat en te bid vir dié wat hom beledig en vervolg. Die vriend van Jesus sal doen soos Jesus in Getsemane gedoen het. Toe die skuld en die sonde van die ganse mensheid op sy skouers neergekom het, het Hy gebid: "Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg." Dit is asof Hy gesê het: Vader nou het U vir my 'n swaar werk gegee. Ek sien nie daarvoor kans nie. Spaar my tog al die bitterheid en lyding wat aan die kruis wag, maar dan voeg Hy daaraan toe: "Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied" (Luk 22:42). Dit is asof Hy sê: As U sê ek moet daardie pad wat oor Golgota en oor die kruis gaan, loop, dan doen ek dit. Gee my dan die krag en genade om daardie pad tot die einde toe te loop en daardie werk te doen sodat u Naam verheerlik word. So moet die vriend van Jesus ook gehoorsaam wees.

As Jesus aan hom die voorbeeld stel om die eredienste gereeld by te woon, sal hy nie maak asof hy beter as Jesus weet nie. Hy sal ook aan hierdie opdrag gehoorsaam wees. Soos Jesus sal hy ook van erediensbywoning 'n gewoonte maak.

Die vriend van Jesus sal gedurende die week ook nie sy eie

pad loop nie, maar hy sal die pad bewandel wat Jesus vir hom afgebaken het. Hy sal elke môre aan homself sê: Vandag is ek saam met Jesus op die pad; nie op my pad nie, maar op sy pad: Ek loop nie voor nie, maar Hy loop voor; ek kies nie die pad nie, maar Hy kies die pad. Ek volg maar net geduldig, tevrede, gehoorsaam, volhardend, aanbiddend en dankend. Die vriend van Jesus werk ook nie sy eie lewensprogram vir die week uit en lê dit dan net aan Jesus vir goedkeuring voor nie. Nee, hy doen gedurende die week wat Jesus voorskryf. Hy voer Jesus se opdragte ook nie met 'n suur gesig, 'n opstandige hart, gebalde vuiste of al sugtende uit nie. Hy voer ook die moeilike opdragte van Jesus met die grootste gewilligheid en blydskap uit. Die vriend van Jesus sê daarom nooit op 'n Sondagmôre: Dit is al weer Sondag, dit is al weer tyd vir die erediensbywoning nie, maar hy sê gedurende die week al: Ag, ek wens dit is weer tyd dat ek saam met al Jesus se vriende kan vergader om na sy Woord te luister en om Hom te prys, te dank en te verheerlik. Die vriend van Jesus sal nie oor allerlei onbenullige redetjies van die erediens af wegbly nie.

Die vriend van Jesus sal gedurende die week vir Jesus opkom. Dit beteken dat hy hom nie vir Jesus sal skaam nie en ook nie sal stilbly as Jesus in sy teenwoordigheid belaster word nie. Hy sal nie swyg as oneer en blaam op Jesus of op die kerk gebring word nie, want die kerk is die liggaam waarvan Christus die hoof is. Die vriend van Jesus sal ook nie ter wille van die liewe vrede in die raad van die goddelose wandel of op die weg van die sondaars staan of in die kring van die spotters sit nie. Die vriend van Jesus sal oral en altyd vir Jesus opkom.

Die vriend van Jesus se lewensboom sal vol mooi, groot en goeie vrugte wees. Dit beteken dat Jesus se vriende nie passiewe mense of daadlose toeskouers is nie. So 'n mens is soos 'n bioskoopganger wat net sit en kyk wat op die doek gebeur, maar self niks doen nie. Die daadlose toeskouer is soos 'n droë rank wat die wingerd net ontsier of soos 'n waterloot wat blare dra wat 'n bos vorm, waarin slange en gevaarlike dinge wegkruip. Nee, die lewensboom van Jesus se vriend sal vol vrugte wees. Paulus noem enkele van die vrugte in Galasiërs 5:22, naamlik: "Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing."

Ons dink hier ook aan 1 Korintiërs 13:4–7.

Die vriend van Jesus wil nie net elke dag in Jesus se teenwoordigheid verkeer en aan Hom gehoorsaam wees nie, maar hy wil ook graag meer van Jesus weet. Hierdie meerdere kennis kan hy net kry as hy die Skrifte ondersoek. In Johannes 5:39 lees ons: "En dit is juis die Skrifte wat oor My getuig." Die vriend van Jesus wil meer van Hom weet; dieper in die gemeenskap met Christus ingelyf wees en daarvoor is Bybelstudie absoluut noodsaaklik. Tereg het FWA Korff gesê: "Die gemeenskap met Christus en God, waartoe ons gekom het, is nie 'n insigself rustende en afgeslote verhouding wat ons van die gebondenheid aan die historiese openbaring onthef nie. Ons kom die gebondenheid aan die Bybel nooit te bowe nie." Die gemeenskap met Christus en God word dus nie net deur die Bybel tot stand gebring nie, maar word ook in stand gehou. In die Bybel praat God met ons; waarsku Hy ons teen die kwaad en verseker Hy ons van sy liefde en genade. God maak daardie Woord vir ons lewend na gelang van ons behoefte en vatbaarheid. Met die woorde: "Spreek Here, want u gemeente hoor", sê ons nie dat ons nou gereed is om na een of ander geheimsinnige stem te luister nie, maar maak ons die Bybel oop om na God se Woord te luister. As die Bybel nie meer gelees word nie, kwyn die verhouding met God.

Deur die Bybel te lees, onderwerp God ons aan sy koninklike heerskappy. Ons kan nie tevrede wees om net so in die algemeen aan God onderworpe te wees nie, maar ons moet dit elke dag wees. In ons daaglikse lewe moet dit duidelik sigbaar word dat ons die Here se gehoorsame diensknegte en diensmaagde is. Ons kom ook elke dag in die situasie waarin ons ons aan God se wil moet onderwerp. Hier gee die Bybel vir ons goeie leiding en noem baie voorbeelde van mense wat ten volle aan God onderworpe was, selfs toe die swaarste offers van hulle gevra is. Ons dink maar net aan Abraham op Moria en Jesus in Getsemane. Jesus se heerskappy is totalitêr, want sy heerskappy is God se heerskappy. Die heerskappy van Christus is nie beperk tot die kerk of net tot die gelowige se hart nie, maar dit omvat ons hele bestaan. Jesus wil nie net oor ons dade en woorde heerskappy voer nie, maar ook oor ons hart en gewete. Op alle terreine moet ons aan Jesus onderworpe wees.

In die Bybel spreek God nie net woorde van leiding nie, maar ook woorde van troos. Hierdie troos is van allerlei aard. Dit is nie genoeg as ons net een keer die versekering van skuldvergewing ontvang nie. Die sonde steek sy kop telkens weer uit. Hoe meer ons ons Bybel aandagtig bestudeer, des te beter leer ons onsself en die ware karakter van die sonde ken. Daarom is dit nodig dat ons die Bybel gedurig sal lees. In die hede troos God ons met die versekering dat Hy saam met ons op die pad is. Vir die hede is dit beloftes van nabyheid en uitredding, ook van nabyheid in beproewinge. Die Bybel verseker ons van God se teenwoordigheid in tye van swaar beproewings. God is self teenwoordig midde in die skynbare ondergang. Vir die toekoms is die beloftes van ewige heerlikheid, 'n nuwe hemel en aarde, 'n nuwe Jerusalem. Die Bybel teken die wêreld vir ons as God se wêreld. Die wêreld het in sonde en verderf geval, maar dit beteken nie dat die wêreld daarmee opgehou het om God se wêreld te wees nie. God is ook nie 'n passiewe toeskouer van die groot wêrelddrama wat hier benede afgespeel word nie. Nee, God is nog elke dag in die wêreld soekend en reddend teenwoordig. God was selfs bereid om die grootste offer te bring, naamlik sy Seun te gee tot in die aaklige, afskuwelike kruisdood, om redding te bewerk. Daarom gaan die pad weer na bo. Uiteindelik sal die wêreld weer wees soos dit voor die sondeval was; met geen wanverhoudings en met 'n volkome vriendskapsverhouding tussen God en sy skepping. Dan sal die oue verbygegaan het en alles sal weer nuut wees.

Die vriend van Jesus lees ook elke dag sy Bybel, want die Bybel is die bron waaruit telkens nuwe skatte te voorskyn kom. H Veldkamp sê dat daar in die koninkryk van God nie olievelde en goudmyne is nie, maar wie in die Skrif grawe, vind die skat waarvoor die gelowige mens graag al sy besittings in ruil sal gee. Hierdie skat is Jesus Christus (Joh 5:39).

Die vriend van Jesus lees sy Bybel gereeld, omdat hy weet dat die Bybel die enigste swaard is waarvoor die duiwel bang is (vgl Matt 4:1–11). Met hierdie wapen het Jesus die duiwel op die berg van versoeking verdryf. Die vriend van Jesus oefen elke dag om hierdie wapen doeltreffend te hanteer.

Verwaarlosing van Bybelstudie beteken die dood van die kerk en is ook die triomf van die Satan. Bybelstudie is vir die

gelowige nodiger as werk, ja nodiger as brood en is daarom nie maar net 'n liefhebbery wat 'n mens kan nalaat wanneer jy wil nie.

Die vriend van Jesus is 'n getroue Bybelstudent, want hy weet dat die mens wat sy Bybel kwytgeraak het, vir God kwytgeraak het en so 'n mens het geen verweer teen die vloedgolf van anti-Christelike teorieë wat op hom afstorm nie. Die mens wat nie meer sy Bybel lees nie, staan magteloos teen die Satan se aanvalle.

Die vriend van Jesus is ook iemand wat die gebed nie sal nalaat nie. Hy is elke dag gehoorsaam aan die oproep van Jesus in Lukas 18:1, naamlik om te bid sonder om op te hou of moedeloos te word.

In die erediens het God met sy volk gepraat en nou verwag God dat sy volk sal antwoord. Die volk antwoord met sy gebed, sang en belydenis. Die Bybel leer ook dat dit nie genoeg is nie. Hy wil ook gedurende die week antwoord en dit doen hy deur hoog, rein, edel en naby God te lewe en God te dank vir al die genade wat hy ontvang het. Bybelstudie is vir die gelowige belangrik, maar die gereelde gebed is net so belangrik. Gereelde Skrifondersoek is noodsaaklik, maar die gereelde gebed is nie minder noodsaaklik nie. Iemand het gesê dat die gereelde gebed vir die geestelike lewe net so noodsaaklik is as die asemhaling vir die liggaam. As die geestelike lewe gesond is, sal die gebed vanself uit die hart opwel. As die gelowige net so nou en dan bid, dan is daar beslis iets met sy geestelike lewe verkeerd. As 'n mens net so nou en dan die eredienste of die nagmaalsviering bywoon, het hy beslis sy ore aan die Satan uitgeleen.

Dit is 'n moordaanslag op die geestelike lewe. Wie die gebedslewe vermoor, luister na die influisteringe van die Satan. Wie sê dat 'n mens slegs moet bid as die gebed spontaan uit die hart opwel, is besig om die Satan na te praat. Die resultaat sal wees dat hy nooit meer sal bid nie. Omdat God die arglistigheid van die menslike hart ken, het Hy beveel dat ons moet bid sonder om op te hou of moedeloos te word. Teenoor die gebod van God om te bid, het Satan sy verbod geplaas. Daar is min dinge wat die Satan meer hinder as dat 'n mens gereeld bid. Satan doen daarom alles in sy vermoë om die mens te laat ophou bid.

Die vriend van Jesus bid gereeld, want hy weet dat die gebed 'n gebod van God is (vgl Ps 50:15; Matt 7:7; Filip 4:6; Luk 18:1). Die vriend van Jesus bid ook gereeld, want hy weet dat die mens wat nie meer bid nie, of net so nou en dan bid, ongehoorsaam is. Hy maak hom skuldig aan pligsversuim; hy is te lui om te bid. Dit is so, want nêrens vra Jesus van ons 'n lang gebed nie; inteendeel, Jesus waarsku daarteen. Die kort gebed wat uit die hart kom, is vir die Here aangenaam. Dink maar aan die gebed van die boetvaardige sondaar (Luk 18:13) en aan die gebed van die moordenaar aan die kruis (Luk 22:42). Die mens wat nie meer bid nie, is ook nie meer werklik 'n Christen nie.

Die vriend van Jesus bid gereeld, omdat die gebed noodsaaklik is vir die groei van die geloofslewe. Calvyn het gesê dat die gebed die oefening van die geloofslewe is. Wie sê dat hy in God glo, maar nie meer bid nie, moet homself ernstig afvra of hy nog werklik in God glo.

Die vriend van Jesus bid gereeld, want God gee sy weldade net aan die biddende hart. Die apostel Jakobus het gesê: "Julle kry nie, omdat julle nie bid nie" (4:2). Die mens wat nie meer bid nie, se hart is nie meer oop en gereed om God se weldade te ontvang nie. God gee sy weldade aan die mens wat opreg en gelowig daarom vra en daarvoor dank.

Die vriend van Jesus bid elke dag, want dit is die beste uitdrukking van sy dankbaarheid. Die gelowige dank God vir sy guns en gawes, vir verlossing en vir die geestelike toestand van die gemeente. Die gemeente dank vir oorwinning en vir vertroostinge (2 Kor:1:3); vir geestelike seëninge (Ef 1:3); vir die liefde in Christus gegee (Rom 8:35 ev) en vir daaglikse brood (1 Kor 10:30). Geen wonder dat Paulus sy lesers so baie tot danksegging aanspoor nie (Ef 5:20; Filip 4:6; Kol 2:7; 13:17; 4:3; 1 Tess 5:18; 4:3; 4:4; 1 Tim 2:1).

Die vriend van Jesus bid elke dag, want dit is 'n kostelike belydenis. Daniël was gewoond om drie keer per dag in sy bovertrek te bid (Dan 6:11) en toe dit gevaarlik geword het om so in die openbaar geloofsbelydenis (bid) af te lê, (6:8) het hy hom nie in 'n veilige skuilhoekie teruggetrek nie. God het hom geantwoord deur die bekke van die leeus toe te stop (Dan 6:23). Toe Jakobus met die swaard gedood is en Petrus in die tronk gegooi is, het die gemeente van Jerusalem nie vanweë

die gevaar die gebed gestaak of elkeen net in sy binnekamer vir Petrus gebid nie, maar die gemeente het ook bymekaargekom om as gemeente vir Petrus te bid (Hand 12:5, 12).

Die vriend van Jesus bid gereeld, want die gebed is aanbidding, bewondering van God. In die gebed staan ons kleiner of groter nood nie op die voorgrond nie. Wie bid bewonder God omdat Hy is soos Hy is: so heerlik, so groot, so goed, so liefdevol, geduldig en verdraagsaam met die mense. Die aanbidding is die antwoord van die mens op die spreke van God. Dit is die ego van die lied van die serafs voor God se troon: "Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskare".

Die vriend van Jesus sal elke geleentheid by die huis en in die erediens aangryp, om God te bewonder en te bedank vir sy genade en sy goedheid.

HOOFSTUK 10

Die lidmaat se plig teenoor die wegblyer

In 'n vorige hoofstuk het ons daarop gewys dat dit die plig van elke gelowige is om die eredienste gereeld by te woon. Vir die vroom Israeliet was die gereelde bywoning van die samekomste van die volk op die sabbat nie 'n swaar las nie. As die geloofslewe van die Nuwe-Testamentiese gelowige gesond is, behoort die gereelde bywoning van die eredienste vir hom ook geen las te wees nie, maar 'n heerlike vreugde. Die gelowige vind mos sy vreugde in die doen van die wil van sy hemelse Vader en nou weet hy dat dit sy hemelse Vader is wat hom na die erediens roep. Om van die erediens af weg te bly as gevolg van allerlei ongegronde redes, is dan ook 'n ernstige oortreding. Dit is niks anders as veragting van God, van sy Woord en van die sakramente nie. Aan die mens wat in hierdie sonde volhard, moet volgens die nagmaalsformulier gesê word dat, solank as dat hy daarin bly volhard, hy geen deel in die ryk van God het nie.

Die vraag wat nou na vore kom, is: Het elke afsonderlike lidmaat 'n taak teenoor daardie mens wat die eredienste nie meer bywoon nie en indien dit so is, wat is daardie taak?

As ons die Nuwe Testament noukeurig deurwerk, sal ons vind dat ons in die Nuwe Testament dikwels opgeroep word om nege van die tien gebooie van die wet te hou. Dit tref ons egter dat daar geen oproep voorkom om die vierde gebod te hou, soos die Fariseërs en skrifgeleerdes van daardie tyd dit voorgeskryf het nie. Die swye oor die onderhouding van die vierde gebod beteken nie dat die vierde gebod nie so belangrik as die ander gebooie is nie, en ook nie dat ons die vierde gebod strafloos kan oortree nie. Die vierde gebod is net so 'n gawe van God as die ander en daarom is dit net so belangrik. Wie die vierde gebod oortree, staan voor God net so skuldig as die persoon wat enige ander gebod oortree.

Die Nuwe Testament leer duidelik dat wanneer ons nege gebooie stiptelik hou maar die ander een oortree, ons ten opsigte van die hele wet voor God skuldig staan. Die apostel

KITAL

Jakobus sê in hoofstuk 2:10 en 11: "As iemand die hele wet onderhou maar in een opsig struikel, is hy skuldig ten opsigte van al die gebooie. God wat gesê het: 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie', het ook gesê: 'Jy mag nie moord pleeg nie. As jy nou nie egbreuk pleeg nie maar wel moord, is jy tog 'n oortreder van die hele wet." Dit is reg. "God wat gesê het: 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie', het ook gesê: Jy mag nie moord pleeg nie." Hy het ook gesê dat jy die sabbat moet heilig en onderhou, dit wil sê vir dié doel gebruik waarvoor God dit gegee het. As ons nou nie egbreuk of moord pleeg nie, maar die rusdag vir ander doeleindes gebruik as dit waarvoor God dit gegee het, staan ons skuldig voor God as 'n oortreder van die hele wet. Natuurlik, want dan is ons ongehoorsaam aan God en 'n veragter van God en sy Woord.

Ons moet altyd onthou dat ons in die wet die wilsopenbaring van God het. In die wet sê die Here wat Hy wil en nie wil nie. Hy sê wat ons moet doen en nie moet doen nie.

Ons moet ook onthou dat ons die verskillende gebooie van die wet nie van mekaar kan losmaak nie. Die wet is nie 'n somtotaal van los gebooie nie, maar 'n onverbreeklike eenheid. Die wet is 'n ondeelbare geheel. Ons kan ook nie die een gebod uitskakel en sê dat ons daardie gebod nie hoef te hou nie. As ons dít sou doen, sou met die wet dieselfde gebeur as met 'n ketting wanneer ons een skakel sou uithaal. Dan is die ketting nutteloos.

Ons moet ook onthou dat ons die wet nie van die Gewer kan losmaak nie. Wie dít doen, maak die hele wet kragteloos. Dit mag nie. Agter elke wet moet ons vir God sien staan. Wie dít nie sien nie, sal ook nie die heerlikheid van die wet sien nie en hy sal die wet ook nie waarlik liefhê nie. Die mens wat die wet reg sien, sal ook besef dat hy in die verskillende gebooie van die wet nie met 'n aantal losstaande wetsartikels te doen het nie, maar met die lewende God. Hy sal besef dat as hy een van die gebooie van die wet oortree, hy ten opsgite van die hele wet skuldig is. Hy sal besef dat die mens wat van die rusdag 'n visvangdag of 'n sportdag maak, ten opsigte van die hele wet skuldig is. Die mens wat die rusdag vir ander doeleindes gebruik as dit waarvoor God dit gegee het, staan net so skuldig as dié een wat die hele wet ignoreer. Die mens wat die wet reg sien, sal altyd van die wet af na God teruggaan.

Die gelowige weet in hierdie verband gelukkig nog meer, naamlik dat Christus die vloek van die hele wet gedra het. Dit het Christus gedoen toe Hy plaasvervangend gely en gesterf het. Hy het die hele wet vervul; Hy was volkome gehoorsaam aan die hele wet, en nou word sy gehoorsaamheid en geregtigheid vir elke mens wat deur 'n opregte geloof in Hom ingelyf is, toegereken en geskenk. God sien daardie mens aan asof hy die wet volkome gehou het.

Die vraag is nou: Het ons as enkelinge 'n taak teenoor die oortreder van die vierde gebod of kan ons maar maak asof ons sy oortreding nie sien nie en hom ongehinderd laat begaan? Nee, ons het 'n taak teenoor die rusdagskender. Net soos ons 'n taak teenoor die oortreder van die derde, vyfde en sewende gebod het, het ons ook 'n taak teenoor die oortreder van die vierde gebod. Dit is waar dat ons dit vandag sterk afkeur as iemand die Naam van Here ydellik gebruik of as kinders die ouerlike gesag oor hulle nie meer erken nie. Ons vind dit ook verskriklik as twee jongmense die sewende gebod oortree, maar voel ons ook so as 'n lidmaat die vierde gebod elke Sondag oortree? Ek vrees dat ons ons veels te min steur aan die oortreding van die vierde gebod. Ons verskoon onsself deur te sê dat die oortreder van die vierde gebod kwaad sal word as ons met hom daaroor praat of dat hy ons sal afjak of dat hy na die sektes sal gaan. Daarom laat ons hom begaan.

Ons taak teenoor die oortreder van die vierde gebod word duidelik in onder andere Esegiël 3:19 ev geteken. Daar sê die Here dat Hy die profeet Esegiël as 'n wag oor die huis van Israel aangestel het. Die uitdrukking "huis van Israel" wys na die volk van Israel, die verbondsvolk, die gelowiges; die woord "wag" het hier nie die betekenis van oppasser nie, maar van brandwag. Nou weet ons dat die brandwag se taak is om solank hy op diens is, op die uitkyk te wees. As hy die vyand sien naderkom, moet hy die slapende kommando waarsku. Hy mag nie toelaat dat die kommando deur die vyand oorval en as krygsgevangenes weggevoer of doodgeskiet word nie. Doen hy dít, dan is hy 'n verraaier en bly daar vir hom net een straf, naamlik die doodstraf.

Nou is ons as gelowiges met die Heilige Gees gesalf tot profete, priesters en konings. Elke gelowige is dus net soos Esegiël 'n profeet, 'n brandwag, wat altyd op die uitkyk moet

wees en moet waarsku as hy merk dat die duiwel die lede van die Godsvolk bekruip. Ons mag nie verraaiers wees nie.

In hierdie Skrifgedeelte word daar vir ons twee moontlikhede gestel. Die eerste is dié van 'n ongelowige in ons midde. By hom is daar nie 'n moontlikheid van bekering nie. Dit beteken nie dat ons hom kan ignoreer nie. Nee, ons moet hom waarsku en as hy hom bekeer, het hy sy lewe gered. As ons hom waarsku en hy bekeer hom nie, sal hy in sy sonde sterwe, maar ons het ons lewens gered, want ons was goeie en getroue brandwagte. As ons hom nie waarsku nie, sal hy in sy sonde sterwe, maar dan sal God sy bloed van ons hande eis, dit wil sê God hou ons vir sy dood in die sonde verantwoordelik. Ons sterf dan eintlik as 'n moordenaar, want die Bybel sê dat Kain wat 'n ontroue wagter oor sy broer was, 'n moordenaar was.

Die tweede moontlikheid is dié van 'n regverdige wat hom van sy geregtigheid afkeer en in ongehoorsaamheid lewe. Ons moet hom ook waarsku. As ons hom waarsku en hy hom bekeer, het hy sy lewe gered. As hy hom nie bekeer nie, sal hy in sy sonde sterwe, maar ons het ons lewens gered, want ons was goeie en getroue brandwagte. As ons hom nie waarsku nie, sal hy in sy sonde sterwe, maar dan eis God sy bloed van ons hand. God hou ons dan verantwoordelik vir sy dood in die sonde.

Hier is ons taak en verantwoordelikheid duidelik gestel. Ons mag nie toelaat dat iemand in ons midde ongewaarsku in die kloue van die Satan val nie. Ons moet hom waarsku. Wat 'n vreeslike aanklag sal dit nie teen ons wees as ons eendag as moordenaars van mensesiele voor God aangekla staan nie? As ons slegte brandwagte is, dit wil sê verraaiers, is nie net menselewens en hulle ewige wel of weë van ons afhanklik nie, maar ook ons eie lewens. Ons sal as moordenaars voor God aangekla staan.

Wat 'n geweldige verantwoordelikheid rus daar nie op elke gelowige nie! Hierdie verantwoordelikheid rus nie net op die predikante, ouderlinge en diakens nie, maar ook op elke ouer en elke lidmaat. Ek wonder of daar nie vandag baie meer moordenaars buite die tronk rondloop as wat binne die tronk sit nie. Daar is predikante, ouderlinge en diakenmoordenaars. Daar is lidmate en ouermoordenaars. Daar is ook vriendemoordenaars.

Die slegte brandwag pleeg verraad teenoor sy medemens deurdat hy hom nie waarsku nie. Hy pleeg verraad teen God, omdat hy God se Woord nie gaan oordra nie en hy pleeg verraad teen die amp waarin hy staan. Mag God ons daarvan bewaar!

HOOFSTUK 11

Die gemeente se plig teenoor die wegblyer

Ons weet nou wat die plig van elke gelowige is teenoor die mense wat die eredienste nie meer bywoon nie. In hierdie hoofstuk gaan ons kyk na die plig van die gemeente teenoor die wegblyers. Het die gemeente 'n taak teenoor die wegblyers en indien wel, wat is die taak?

Die gemeente het 'n taak teenoor die rusdagskenders. Net soos elke gelowige, het die gemeente 'n taak teenoor elke oortreder van elke gebod van die wet, dus ook van die vierde gebod.

Voordat ons die aandag vestig op die plig van die gemeente teenoor die mense wat die rusdag vir ander doeleindes gebruik as waarvoor die Here dit gegee het, moet ons eers kyk na 'n uitspraak wat in die bevestigingsformulier van ouderlinge en diakens voorkom. Daar word gesê dat die kerkraad die verteenwoordiger van die gemeente is. Die kerkraad praat en handel dus namens en in opdrag van die gemeente. Dit gebeur ook wanneer die kerkraad aandag gee aan die oortreders van die vierde gebod. Dit beteken dat daar 'n groot verantwoordelikheid op die kerkraad rus wat hy nie van hom kan afskuif nie. Die kerkraad kan ook nie die oortreding ignoreer of dit ligtelik opneem nie, want om sommer van die erediens af weg te bly is 'n ernstige oortreding. Dit staan gelyk aan die oortreding van enige ander gebod van die wet. Dit is niks anders nie as ongehoorsaamheid aan God en die veragting van God, sy Woord en die sakramente.

Hoe moet die kerkraad teenoor die wegblyers optree? Jesus gee 'n duidelike antwoord in Matteus 18:15–17: "As jou broer iets verkeerds teen jou gedoen het, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen. Maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat alles wat gesê word, deur die woord van twee of drie getuies bevestig kan word. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit vir die gemeente. As hy ook na die gemeente

nie luister nie, moet jy hom as 'n heiden en tollenaar behandel." Daar is nog ander uitsprake in hierdie verband in die Bybel. (Ons dink aan Matt 16:16–19; Tit 3:10–11; 2 Joh 10 en 2 Kor 6:14.) In hierdie uitsprake word die kerkraad as verteenwoordigers van die gemeente opgeroep om met die oortreders te gaan praat, hulle te vermaan en selfs te bestraf. Die kerkraad word dus opgeroep om die tug nie te verwaarloos nie. Hierdie uitsprake wil sê dat die nodige dissipline en tug in die gemeente gehandhaaf moet word, anders sal daar chaos in die gemeente ontstaan. Die kerkraad moet naarstiglik toesien dat elke lidmaat hom in belydenis en wandel behoorlik gedra. Teen die onboetvaardiges moet volgens die Christelike tug gehandel word en verhoed word dat die sakramente nie ontheilig word nie en die eredienste gereeld bygewoon word.

Die vraag is nou: Wie is die mense teenoor wie die kerkraad hierdie verpligting het? Jesus gee die antwoord in Matteus 18:15–17. Volgens Jesus is dit die "broers", dit wil sê die medegelowiges, die medelede van die liggaam van Christus. Die geestelike gemeenskap is die noodsaaklike voorwaarde vir die tug. Dit is ook die grond waaruit die tug opkom. Daarom kan die tug net op lede van die liggaan van Christus toegepas word. Dit beteken dat die kerkraad die tug nie op die goddeloses en die wat buite die kerk staan, kan toepas nie. Dit het Paulus baie duidelik in 1 Korintiërs 5:12 en 13 geleer: "Per slot van rekening is dit nie vir my om oor mense buite die gemeente te oordeel nie. God sal oor hulle oordeel." Dit beteken dat die kerkraad nie die tug op mense wat nie lidmate van die kerk is kan toepas nie, maar dit beteken ook nie dat die gemeente teenoor die wat buite die kerk is geen verpligting het nie. Nee, die kerk moet met hulle praat oor sonde, geregtigheid en oordeel. Dit is egter nie toepassing van die tug nie, want die tug veronderstel dat die persoon wat getug word, prinsipieel op die regte pad is, maar dat hy net afgedwaal het en nou net teruggeroep moet word. Dit tug kan net op lidmate van die gemeente toegepas word.

Hoe moet die kerkraad met daardie lidmate wat van die regte pad afgedwaal het, byvoorbeeld die oortreders van die vierde gebod, handel. Jesus gee die antwoord in Matteus 18:15–17. Volgens Jesus is daar vyf trappe van tuguitoefening:

- Die liefderike en broederlike vermaning onder vier oë.

KITAL

Wanneer 'n ouderling in sy wyk 'n lidmaat kry wat die eredienste nie meer bywoon nie, moet hy baie ernstig met hom praat. Bekeer die afgedwaalde hom van sy verkeerde weg, dan is die saak afgehandel. Dan is alles weer in orde en is die eer van God deur berou en bekering herstel en die gemeenskap wat die afdwalende deur sy afsondering van die liggaam van Christus verbreek het, daarmee ook herstel.

- As die afgedwaalde weier om hom te bekeer, moet die ouderling nog een of twee met hom saamneem en weer ernstig met hom praat. As hy nou gehoor gee, is die saak afgehandel en word daar nie verder oor gepraat nie, behalwe dat God gedank word vir die verandering wat by die afgedwaalde ingetree het.
- As die afgedwaalde nog nie gehoor gee nie, word die saak by die kerkraad aanhangig gemaak. Natuurlik, want nou blyk dit duidelik dat hy hom aan die gemeenskap en sorg van die liggaam van Christus onttrek het. Nou kan die kerkraad nie meer net van die oortreding kennis neem nie. Die kerkraad moet nou ernstige aandag aan die saak gee. Die afgedwaalde moet nou opgeroep word om die kerkraad of 'n kommissie uit die kerkraad te ontmoet wat met hom oor sy oortreding wil praat en sy aandag te vestig op die erns van sy oortreding en op die feit dat hy homself uit die koninkryk van God uitsluit.
- As die afgedwaalde in sy sonde bly volhard, moet die kerkraad hom die voorreg om die sakramente te gebruik, ontsê. Ons weet dat die nagmaal nie net 'n herinneringsmaal is nie, maar ook 'n gemeenskapsmaal. Aan die nagmaaltafel oefen die gelowiges gemeenskap met Christus en die ander gelowiges uit. As iemand van die nagmaal geweer word, beteken dit dat die kerkraad aan hom sê dat hy nie meer gemeenskap met Christus en die ander gelowiges het nie en dat hy, solank hy in sy sonde volhard, ook geen deel in die koninkryk van God het nie en dit beteken dat hy die pad na die verderf bewandel. Intussen moet die afgedwaalde gereeld besoek word, want die tug is nie net straf nie, maar veral medisyne. Die bedoeling van die kerkraad met die toepassing van die tug is nie om te straf nie, maar dat hy hom sal bekeer.
- As die afgedwaalde nog in sy sonde bly volhard, word hy

van die gemeente afgesny. Jesus sê dat hy dan soos 'n heiden en tollenaar behandel moet word. Die afsnyding van die liggaam van Christus is 'n baie ernstige saak. Die afgedwaalde mag die afsnyding nie geringskat nie. As die kerkraad hom van die gemeente afsny, is dit nie maar net die oordeel van 'n groepie mense, waaraan nie veel waarde geheg hoef te word nie. Die kerkraad voer dan net 'n opdrag van Christus uit. Die afsnyding moet ook nie oorskat word nie. Wanneer die kerkraad iemand van die gemeente afsny, veroordeel die kerkraad hom nie tot die dood en die ewige verdoemenis nie. Nee, die kerkraad sê daarmee net dat hy met al sy bemoeienisse met die afgedwaalde misluk het, dat hy op die verkeerde pad bly volhard, dat hy voor Christus nie meer wil buig nie en dat hy ook nie meer verlang na die gemeenskap met die liggaam van Christus nie.

Daarmee is alle deure ook nie vir hom gesluit nie. As hy hom bekeer, wil die kerkraad hom met groot vreugde en dankbaarheid in die skoot van die kerk terug ontvang.

Een saak behoort nou baie duidelik te wees, naamlik dat die kerkraad met die toepassing van die tug die afgedwaalde nie wil straf nie, maar hom tot bekering wil lei. Die kerkraad wil hom nie dieper in die modder wegtrap nie, maar hom juis uit die modder uit optel. Die kerkraad wil hom terugbring, sodat hy weer saam met die gemeente op die pad wat die Here voorgeskryf het, sal wandel. Omdat dit die doel van die kerkraad met die toepassing van die tug is, moet elke bemoeienis van die kerkraad met die afgedwaalde van eerlike en opregte liefde getuig. Die opregte liefde is nie papperig nie. Die ware liefde laat die kwaad nie voortduur nie, maar laat die kwaad nie ter wille van die liewe vrede voortgaan nie. Die ware liefde neem sterk standpunt teen die kwaad in en keur die verkeerde onvoorwaardelik af. Daarom sal die kerkraad die toepassing van die tug altyd met gestrengheid laat geskied, maar 'n getemperde gestrengheid, want dit beoog die heil van die sondaar en die welsyn van die gemeente. Dit tug soek nie vergelding nie, maar berou en bekering.

Vir Jesus was die regte toepassing van die tug baie belangrik. Daarvoor wil ons net 'n paar redes aangee:

- Omdat die enkeling en die gemeente verantwoordelik is vir die tydelike en ewige welsyn van die lidmate. Die lidmate moet altyd vir mekaar 'n hulp en steun op die pad na die ewigheid wees. As die tug ontbreek, sal die gemeente soos 'n kudde wees waarvan die skape na hartelus ronddwaal. Elkeen sal sy eie pad gaan. Dit is verkeerd. Daarom het die Here dit so bepaal dat die lidmate mekaar se welsyn op die hart moet dra, na mekaar moet omsien en 'n helpende hand na mekaar moet uitsteek. Christus het die tug ingestel, omdat Hy nie behae het in die dood van die sondaar nie, maar daarin dat hy hom sal bekeer en sal lewe. Daarom het die Here ons verantwoordelik vir mekaar gemaak en 'n definitiewe weg voorgeskryf waarop ons moet wandel.
- Omdat dit die heiligheid van die gemeente raak. Die gemeente is 'n heilige gemeente. Dit beteken nie dat die gemeente uit sondelose mense bestaan nie, maar uit mense wat afgesonder is van die wêreld en toegewy is aan God. Die gemeente staan nie in die diens van die wêreld nie, maar in diens van die Here. Die lidmate is nie meer slawe van die sonde nie, maar kinders van die Here. Hierdie gemeente moet eenmaal sonder vlek of rimpel voor Hom verskyn. As die nodige dissipline ontbreek, sal die gemeente sy heiligheid en afgesonderde karakter nie kan bewaar nie. Sonder die nodige dissipline en tug sal die kerk soos 'n ongeskoffelde tuin lyk. Die blomme en onkruid sal mekaar verdruk en naderhand sal niemand meer kan sien of dit 'n tuin of 'n veld is nie.
- Omdat dit die eer van die Here raak. 'n Kerk wat die Naam van die Here bely, is soos 'n stad wat bo-op 'n berg lê. Almal sien hom en die oë van die wêreld is veral skerp op hom gerig. Die oog van die vyand kyk skerper as die oog van die vriend. Wat sal die wêreld van 'n kerk sê as hy 'n slordige lewenswandel in sy midde toelaat; wat voorgee dat hy die sonde bestry, maar nie erns maak met mense wat in die sonde bly volhard nie? Die wêreld sal so 'n kerk verag; Christus sal so 'n kerk uit sy mond spuug. Natuurlik, want so 'n kerk bring oneer en blaam op Christus wat die Hoof van die kerk is. So 'n kerk verdien die veragting van die wêreld.
- Omdat die tug die heil van die mens wat gesondig het,

beoog. Die kerk bid vir daardie mens. Die kerk wens dat die afgedwaalde erns met die tug sal maak. Die kerk bid dat hy spoedig tot berou en bekering sal kom om weer in die skoot van die kerk opgeneem te kan word.

Mag die kerk nooit traag wees om die nodige dissipline en tug uit te oefen nie! Traagheid in die uitoefening van die tug wys op niks anders as op ongehoorsaamheid aan God en 'n gebrek aan naasteliefde nie. Mag die Here die kerk daarvan bewaar!

Kital